

## WET OP OUTEURSREG 98 VAN 1978

[GOEDGEKEUR OP 20 JUNIE 1978] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 JANUARIE 1979]  
(Tensy anders vermeld)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

### soos gewysig by

Wysigingswet op Outeursreg 56 van 1980  
Wysigingswet op Outeursreg 66 van 1983  
Wysigingswet op Outeursreg 52 van 1984  
Wysigingswet op Outeursreg 39 van 1986  
Wysigingswet op Outeursreg 13 van 1988  
Wysigingswet op Outeursreg 61 van 1989  
Wysigingswet op Outeursreg 125 van 1992  
Wysigingswet op Intellektuele Goederewette 38 van 1997  
Wysigingswet op Outeursreg 9 van 2002

## WET

**Om outeursreg te reël en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

### INDELING VAN ARTIKELS

#### Artikels

- |       |   |           |
|-------|---|-----------|
| 1     | Woordomskrywing                                 |           |
|       |   | HOOFSUK 1 |
| 2-22  | Outeursreg in oorspronklike werke               |           |
|       |   | HOOFSUK 2 |
| 23-28 | Skendings van outeursreg en regs middels        |           |
|       |   | HOOFSUK 3 |
| 29-36 | Outeursregshof                                  |           |
|       |   | HOOFSUK 4 |
| 37-38 | Uitbreiding of beperking van toepassing van Wet |           |
|       |   | HOOFSUK 5 |
| 39-47 | Gemengde bepalings                              |           |

### 1 **Woordomskrywing**

(1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-  
"**aanwending**", met betrekking tot-

- (a) 'n letterkundige werk, ook-
- (i) in die geval van 'n nie-dramatiese werk, 'n verwerking van die werk waarin dit tot 'n dramatiese werk omgeskep word;
  - (ii) in die geval van 'n dramatiese werk, 'n verwerking van die werk waarin dit tot 'n nie-dramatiese werk omgeskep word;
  - (iii) 'n vertaling van die werk; of
  - (iv) 'n verwerking van die werk waarin die verhaal of handeling geheel en al of hoofsaaklik deur middel van prente in 'n vorm geskik vir reproduksie in 'n boek of in 'n nuusblad, tydskrif of dergelike blad weergegee word;
- (b) 'n musiekwerk, ook 'n bewerking of oorskrywing van die werk, indien so

- 'n bewerking of oorskrywing van 'n oorspronklike skeppingsaard is;
- (c) 'n artistieke werk, ook die omskepping van die werk op so 'n wyse dat die oorspronklike of wesentliche kenmerke daarvan herkenbaar bly;
- (d) 'n rekenaarprogram, ook-
  - (i) 'n verwerking van die program in 'n programmeertaal, -kode of -notasie wat verskil van dié van die program; of
  - (ii) 'n vaslegging van die program in of op 'n middel wat verskil van die middel van vaslegging van die program;

[Par. (d) bygevoeg by a. 1 (a) van Wet 125 van 1992.]

**"afgeleide sein"** 'n sein verkry deur die tegniese hoedanighede van die uitgesende sein te verander, hetsy daar een of meer tussenkomende vasleggings was of nie;

**"arbitrasie"** arbitrasie ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965);

**"artistieke werk"**, ongeag die kunsgehalte daarvan-

- (a) skilderye, beeldhouwerk, tekeninge, gravures en foto's;
- (b) boukundige werke wat of geboue of modelle van geboue is; of
- (c) handwerke wat nie onder paragraaf (a) of (b) val nie;

[Par. (c) vervang by a. 1 (a) van Wet 66 van 1983 en by a. 1 (b) van Wet 125 van 1992.]

**"beeldhouwerk"** ook 'n afgietsel of model wat vir beeldhoudoeleindes gemaak is;

**"bevoegde persoon"** 'n bevoegde persoon volgens die bedoeling van artikel 3 (1);

**"dramatiese werk"** ook 'n choreografiese werk of vermaaklikheid in die vorm van gebaespel, indien dit in die stoflike vorm daargestel is waarin die werk of vermaaklikheid voorgestel staan te word, maar nie ook 'n rolprent in teenstelling met 'n draaiboek of teks vir 'n rolprent nie;

**"foto"** enige produk van fotografie of van 'n proses gelyksoortig aan fotografie, maar nie ook 'n deel van 'n rolprent nie;

**"gebou"** ook 'n bouwerk;

**"gepubliseerde uitgawe"** die eerste druk deur watter proses ook al van 'n besondere tipografiese ordening van 'n letterkundige werk of musiekwerk;

[Omskrywing van "gepubliseerde uitgawe" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 52 van 1984.]

**"geregtelike verrigtinge"** verrigtinge voor 'n geregshof, tribunaal of persoon wat regtens bevoeg is om getuienis onder eed aan te hoor, te ontvang en te ondersoek;

**"gravure"** ook enige etswerk, litografie, houtsniewerk, afdruk of dergelike werk, maar nie ook 'n foto nie;

**"heruitsending"** die gelyktydige of latere uitsending deur 'n uitsender van die uitsending van 'n ander uitsender;

[Omskrywing van "heruitsending" vervang by a. 50 (a) van Wet 38 van 1997.]

**"hierdie Wet"** ook die regulasies;

**"insamelingsvereniging"** 'n insamelingsvereniging kragtens hierdie Wet ingestel;

[Omskrywing van "insamelingsvereniging" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 9 van 2002.]

**"klankopname"** enige vaslegging of berging van klanke, of data of seine wat klanke verteenwoordig, wat gereproduseer kan word, maar nie ook 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent nie;

[Omskrywing van "klankopname" vervang by a. 1 (c) van Wet 125 van 1992 en by a. 50 (b) van Wet 38 van 1997.]

**"kopie"** 'n reproduksie van 'n werk, en, in die geval van 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk, 'n rolprent of 'n rekenaarprogram, ook 'n aanwending daarvan: Met dien verstande dat 'n voorwerp nie as 'n kopie van 'n boukundige werk gereken word nie tensy die voorwerp 'n gebou of 'n model van 'n gebou is;

[Omskrywing van "kopie" vervang by a. 1 (d) van Wet 125 van 1992.]

**"Korporasie"** .....

[Omskrywing van "Korporasie" geskrap by a. 50 (c) van Wet 38 van 1997.]

**"land"** ook 'n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of susereiniteit van 'n ander land, en 'n gebied waarvoor voogdyskap uitgeoefen word;

**"letterkundige werk"**, ongeag letterkundige gehalte, en op watter wyse of in watter vorm ook al uitgedruk, ook-

- (a) romans, verhale en digwerke;
- (b) dramatiese werke, verhoogaanwysigings, rolprentdraaiboeke en uitsaaitekste;
- (c) handboeke, verhandelings, historiese werke, biografieë, essays en artikels;
- (d) ensiklopedieë en woordeboeke;
- (e) briewe, verslae en memoranda;
- (f) lesings, toesprake en preke; en
- (g) tabelle en samestellings, met inbegrip van tabelle en samestellings van data wat in 'n rekenaar of 'n medium wat tesame met 'n rekenaar gebruik word, geberg of vasgelê word,

[Par. (g) vervang by a. 50 (e) van Wet 38 van 1997.]

maar nie ook 'n rekenaarprogram nie;

[Omskrywing van "letterkundige werk" vervang by a. 1 (e) van Wet 125 van 1992.]

**"lisensie"** .....

[Omskrywing van "lisensie" geskrap by a. 1 (f) van Wet 125 van 1992.]

**"lisensiegewende gesag"** .....

[Omskrywing van "lisensiegewende gesag" geskrap by a. 1 (f) van Wet 125 van 1992.]

**"lisensieskema"**, by die toepassing van Hoofstuk 3, met betrekking tot lisensies van enige aard, 'n skema deur een of meer lisensiegewende liggame opgestel waarin die klasse van gevalle ten opsigte waarvan hulle of die persoon namens wie hulle optree, bereid is om lisensies van daardie aard te verleen, asook die gelde (as daar is) waarteen, en die bedinge en voorwaardes onderworpe waaraan, lisensies in daardie klasse van gevalle verleen kan word, en ook enigiets in die aard van so 'n skema, hetsy dit as 'n skema of as 'n tarief of as iets anders beskryf word;

[Omskrywing van "lisensieskema" vervang by a. 1 (g) van Wet 125 van 1992.]

**"Minister"** die Minister van Handel en Nywerheid;

[Omskrywing van "Minister" vervang by a. 1 (b) van Wet 66 van 1983, by a. 1 van Wet 13 van 1988 en by a. 1 (b) van Wet 9 van 2002.]

**"musiekwerk"** 'n werk wat bestaan uit musiek, met uitsluiting van enige woorde of handeling wat daarop bereken is om saam met die musiek gesing, uitgespreek of opgevoer te word;

[Omskrywing van "musiekwerk" ingevoeg by a. 1 (h) van Wet 125 van 1992.]

**"opname"** 'n skyf, band, geperforeerde rol of ander toestel waarin of waarop

klanke, of data of seine wat klanke verteenwoordig, op so 'n wyse vasgelê of verteenwoordig is dat dit outomaties daarvan voortgebring of opgevoer of uitgevoer kan word;

[Omskrywing van "opname" vervang by a. 50 (d) van Wet 38 van 1997.]

**"opvoering"** of **"uitvoering"** ook enige vorm van visuele of akoestiese voordrag van 'n werk, met inbegrip van so 'n voordrag deur middel van 'n luidspreker, 'n radio-televisie- of verspreidingsontvangtoestel of deur middel van die vertoning van 'n rolprent of deur die gebruik van 'n opname of deur enige ander middele, en met betrekking tot lesings, toesprake en preke, ook die lewering daarvan; en word verwysings na "opvoer" of "uitvoer" met betrekking tot 'n werk dienooreenkomstig uitgelê: Met dien verstande dat "opvoering" of "uitvoering" nie ook uitsending of heruitsending of oorsending van 'n werk in 'n verspreidingsdiens beteken nie;

[Omskrywing van "opvoering" of "uitvoering" vervang by a. 1 (i) van Wet 125 van 1992.]

**"outeur"**, met betrekking tot-

- (a) 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk, die persoon wat die werk eerste vervaardig of skep;
- (b) 'n foto, die persoon wat vir die samestelling van die foto verantwoordelik is;
- (c) 'n klankopname, die persoon deur wie die reëlins vir die vervaardiging van die klankopname getref is;  
[Par. (c) vervang by a. 1 (j) van Wet 125 van 1992.]
- (d) 'n rolprent, die persoon deur wie die reëlins vir die vervaardiging van die rolprent getref is;
- (e) 'n uitsending, die eerste uitsender;  
[Par. (e) vervang by a. 1 (j) van Wet 125 van 1992.]
- (f) 'n programdraende sein, die eerste persoon wat die sein na 'n satelliet uitsaai;  
[Par. (f) vervang by a. 1 (j) van Wet 125 van 1992.]
- (g) 'n gepubliseerde uitgawe, die uitgewer van die uitgawe;  
[Par. (g) bygevoeg by a. 1 (b) van Wet 52 van 1984.]
- (h) 'n letterkundige, dramatiese, musiek- of artistieke werk of rekenaarprogram wat deur 'n rekenaar gegenereer is, die persoon deur wie die reëlins getref is wat noodsaaklik is vir die skepping van die werk;  
[Par. (h) bygevoeg by a. 1 (k) van Wet 125 van 1992.]
- (i) 'n rekenaarprogram, die persoon wat beheer oor die vervaardiging van die rekenaarprogram uitgeoefen het;  
[Par. (i) bygevoeg by a. 1 (k) van Wet 125 van 1992.]

**"outeursreg"** outeursreg ingevolge hierdie Wet;

**"plaat"** ook 'n stereotiepplaat, steen, blok, gietvorm, matrys, oordruk, negatief, opname, skyf, bewaringsmedium of enige weergawe van 'n werk van watter aard ook al wat gebruik word om kopieë te maak;

[Omskrywing van "plaat" vervang by a. 1 (l) van Wet 125 van 1992.]

**"program"**, met betrekking tot 'n programdraende sein, stof, hetsy lewendig of opgeneem, wat bestaan uit beelde of klanke of albei, in 'n sein vasgelê;

[Omskrywing van "program" vervang by a. 1 (m) van Wet 125 van 1992.]

**"programdraende sein"** 'n sein wat 'n program bevat wat uitgesend word en deur 'n satelliet gaan;

[Omskrywing van "programdraende sein" ingevoeg by a. 1 (n) van Wet 125 van 1992.]

**"Registrateur"** die Registrateur van Outeursreg, wat die persoon is wat as Registrateur van Patente ingevolge artikel 7 van die Wet op Patente, 1978, aangestel is;

**"regulasie"** 'n regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig;

**"rekenaarprogram"** 'n stel voorskrifte wat op enige wyse vasgelê of geberg word en wat, indien dit regstreeks of onregstreeks in 'n rekenaar gebruik word, die werking daarvan rig om 'n resultaat teweeg te bring;

[Omskrywing van "rekenaarprogram" ingevoeg by a. 1 (o) van Wet 125 van 1992.]

**"reproduksie"**, met betrekking tot-

- (a) 'n letterkundige of musiekwerk of 'n uitsending, ook 'n reproduksie in die vorm van 'n opname of 'n rolprent;
- (b) 'n artistieke werk, ook 'n weergawe voortgebring deur die werk in driedimensionele vorm of, indien dit in drie dimensies is, in tweedimensionele vorm te omskep;
- (c) enige werk, sluit 'n reproduksie in wat van 'n reproduksie van daardie werk gemaak is;

[Par. (c) bygevoeg by a. 1 (c) van Wet 66 van 1983.]

en word verwysings na **"reprodusering"** en **"reproduseer"** dienooreenkomstig uitgelê;

**"rolprent"** 'n vaslegging of berging op enige wyse hoegenaamd op film of enige ander stof van data, seine of 'n reeks beelde wat, as dit saam met 'n meganiese, elektroniese of ander toestel gebruik word, as 'n bewegende prent gesien kan word en gereproduseer kan word, en ook die klanke in 'n klankbaan aan die rolprent verbonde, maar nie ook 'n rekenaarprogram nie;

[Omskrywing van "rolprent" vervang by a. 1 (p) van Wet 125 van 1992 en by a. 50 (f) van Wet 38 van 1997.]

**"satelliet"** 'n voorwerp in die buite-aardse lugruim wat seine kan oorsend;

**"sein"** 'n elektronies-verwerkte draer wat programme kan oorsend;

**"skendende kopie"**, met betrekking tot-

- (a) 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk of 'n gepubliseerde uitgawe, 'n kopie daarvan;
- (b) 'n klankopname, 'n opname wat daardie klankopname bevat;
- (c) 'n rolprent, 'n kopie van die rolprent of 'n stilfoto wat daarvan gemaak is;
- (d) 'n uitsending, 'n rolprent daarvan of 'n kopie van 'n rolprent daarvan of 'n klankopname daarvan of 'n opname wat 'n klankopname daarvan bevat of 'n stilfoto wat daarvan vervaardig is; en
- (e) 'n rekenaarprogram, 'n kopie van dié rekenaarprogram,

mits dit in enige van gemelde gevalle 'n artikel is waarvan die vervaardiging 'n skending van die outeursreg in die werk, opname, rolprent, uitsending of rekenaarprogram was of, in die geval van 'n ingevoerde artikel, 'n skending van bedoelde outeursreg sou gewees het indien die artikel in die Republiek vervaardig was;

[Omskrywing van "skendende kopie" gewysig by a. 1 (c) van Wet 52 van 1984 en vervang by a. 1 (q) van Wet 125 van 1992.]

**"skrif"** of **"geskrif"** ook enige vorm van optekening, hetsy per hand of by wyse van drukwerk, tikskrif of 'n dergelyke proses;

**"tekening"** ook 'n tekening van 'n tegniese aard of 'n diagram, kaart of plan;

[Omskrywing van "tekening" vervang by a. 1 (*d*) van Wet 66 van 1983.]

**"toekomstige eienaar"**, met betrekking tot outeursreg, iemand wat geregtig sal word op die outeursreg, geheel en al of gedeeltelik, in 'n werk waarin outeursreg nog nie bestaan nie of wie se aanspraak op die outeursreg wat bestaan van krag sal word na aanleiding van 'n toekomstige gebeurtenis;

**"uitgesende sein"** 'n sein wat na 'n satelliet gaan;

[Omskrywing van "uitgesende sein" vervang by a. 1 (*r*) van Wet 125 van 1992.]

**"uitsender"** iemand wat 'n uitsending onderneem;

[Omskrywing van "uitsender" vervang by a. 50 (*g*) van Wet 38 van 1997.]

**"uitsending"** 'n telekommunikasiediens van oorsending wat uit klanke, beelde, tekens of seine bestaan en wat-

(*a*) deur middel van elektromagnetiese golwe van laer as 3 000 GHz wat in die ruimte oorgesend word sonder 'n kunsmatige geleier; en

(*b*) bedoel is vir ontvangs deur die publiek of gedeeltes van die publiek, en ook die uitsending van programdraende seine na 'n satelliet, en het **"uitsaai"** 'n dienooreenkomstige betekenis;

[Omskrywing van "uitsending", voorheen omskrywing van "uitsaai", vervang by a. 1 (*s*) van Wet 125 van 1992 en by a. 50 (*h*) van Wet 38 van 1997.]

**"uitsluitende lisensie"** 'n lisensie wat die lisensiehouer magtig om tot uitsluiting van alle ander persone, met inbegrip van die verlener van die lisensie, 'n reg uit te oefen wat uit hoofde van hierdie Wet, afgesien van die lisensie, uitsluitlik deur die eienaar van die outeursreg uitgeoefen kan word; en word **"uitsluitende lisensiehouer"** dienooreenkomstig uitgelê;

**"verspreider"**, met betrekking tot 'n programdraende sein, die persoon wat besluit dat die oorsending van die afgeleide sein aan die algemene publiek of 'n deel daarvan moet plaasvind;

[Omskrywing van "verspreider" vervang by a. 1 (*t*) van Wet 125 van 1992.]

**"verspreiding"** met betrekking tot 'n programdraende sein, enige handeling waardeur 'n verspreider 'n afgeleide sein aan die algemene publiek of 'n deel daarvan oorsend;

[Omskrywing van "verspreiding" vervang by a. 1 (*u*) van Wet 125 van 1992.]

**"verspreidingsdiens"** 'n telekommunikasiediens van oorsendings bestaande uit klanke, beelde, tekens of seine, wat geskied oor drade of ander bane deur vaste stof voorsien en bestem is vir ontvangs deur bepaalde lede van die publiek; en word verspreiding nie geag 'n op- of uitvoering of 'n uitsending uit te maak nie of dat dit veroorsaak dat klanke, beelde, tekens of seine gesien of gehoor word nie; en waar klanke, beelde, tekens of seine vertoon of uitgesend word deur 'n ontvangsapparaat waarheen hulle deur verspreiding oorgedra word op so 'n wyse dat 'n op- of uitvoering of 'n veroorsaking dat klanke, beelde, tekens of seine in die openbaar gesien of gehoor word, daargestel word, word dit geag bewerkstellig te word deur die werking van die ontvangsapparaat;

**"voorgeskryf"** deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf;

**"werk"** 'n werk beoog in artikel 2;

[Omskrywing van "werk" ingevoeg by a. 1 (*v*) van Wet 125 van 1992.]

**"werk van mede-outeurskap"** 'n werk tot stand gebring deur die samewerking

van twee of meer outeurs waarin die bydrae van elke outeur nie van die bydrae van die ander outeur of outeurs geskei kan word nie.

(2) 'n Verwysing in hierdie Wet na 'n klankbaan wat aan 'n rolprent verbonde is, word uitgelê as 'n verwysing na enige opname van klanke wat vasgelê is in 'n afdruk, negatief, band of ander artikel waarop die rolprent of deel daarvan opgeneem is of wat deur die outeur van die rolprent vir gebruik in verband met so 'n artikel uitgegee word.

(2A) 'n Verwysing in hierdie Wet na die verrigting van 'n handeling met betrekking tot 'n werk word, tensy die samehang anders aandui, uitgelê as 'n verwysing ook na die verrigting van dié handeling met betrekking tot 'n wesenlike gedeelte van daardie werk.

[Sub-a. (2A) ingevoeg by a. 1 van Wet 56 van 1980.]

(3) Die bepalings van hierdie Wet is met betrekking tot enige handeling of versuim buite die gebiedsgrense van die Republiek deur of op 'n skip of vliegtuig wat ingevolge 'n wetsbepaling in die Republiek geregistreer is van toepassing op dieselfde wyse as wat dit van toepassing is met betrekking tot 'n handeling of versuim binne die gebiedsgrense van die Republiek.

(4) Ondanks die bepalings van paragraaf (i) van die omskrywing van "outeur" in subartikel (1) word die outeur van 'n rekenaarprogram wat voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Outeursreg, 1992, vervaardig is, geag die persoon te wees wat die rekenaarprogram eerste vervaardig of geskep het, maar indien so 'n rekenaarprogram oorspronklik is en deur 'n bevoegde persoon gepubliseer is, word daardie persoon vermoed die eienaar van die outeursreg te wees wat in die betrokke rekenaarprogram bestaan, tensy die teendeel bewys word.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 1 (*u*) [sic] van Wet 125 van 1992.]

(5) By die toepassing van hierdie Wet geld die volgende bepalings in verband met die publikasie van 'n werk:

- (a) Behoudens paragraaf (*e*) word 'n werk geag gepubliseer te wees indien kopieë van dié werk met die toestemming van die eienaar van die outeursreg in die werk in voldoende hoeveelhede aan die publiek uitgereik is om, met inagneming van die aard van die werk, redelikerwys in die behoeftes van die publiek te voorsien.
- (b) Publikasie van 'n rolprent of klankopname beteken die verkoop, verhuur, huur, of aanbidding vir verkoop of huur, van kopieë daarvan.
- (c) 'n Publikasie word nie as iets anders as die eerste publikasie behandel nie slegs vanweë 'n vroeër publikasie elders binne 'n tydperk van 30 dae.
- (d) Publikasie beteken nie ook nie-
  - (i) 'n opvoering of uitvoering van 'n musiek- of dramatiese werk, rolprent of klankopname;
  - (ii) 'n openbare lewering van 'n letterkundige werk;
  - (iii) 'n oorsending in 'n verspreidingsdiens;
  - (iv) 'n uitsending van 'n werk;
  - (v) 'n uitstalling van 'n kunswerk;
  - (vi) 'n konstruksie van 'n argitektoniese werk.
- (e) By die toepassing van artikels 6, 7 en 11 (*b*) [sic] word 'n werk geag gepubliseer te wees indien kopieë daarvan aan die publiek uitgereik is.

[Sub-a. (5) bygevoeg by a. 1 (*u*) [sic] van Wet 125 van 1992.]

[Datum van inwerkingtreding: 30 Junie 1978.]

## HOOFSTUK 1

### OUTEURSREG IN OORSPRONKLIKE WERKE (aa 2-22)

#### 2 Werke geskik vir outeursreg

(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kom die volgende werke, indien hulle oorspronklik is, vir outeursreg in aanmerking-

- (a) letterkundige werke;
- (b) musiekwerke;
- (c) artistieke werke;
- (d) rolprente;

[Par. (d) vervang by a. 2 (a) van Wet 125 van 1992.]

- (e) klankopnames;
- (f) uitsendings;
- (g) programdraende seine;
- (h) gepubliseerde uitgawes;

[Par. (h) bygevoeg by a. 2 van Wet 52 van 1984.]

- (i) rekenaarprogramme.

[Par. (i) bygevoeg by a. 2 (b) van Wet 125 van 1992.]

[Sub-a. (1) gewysig by a. 2 (a) van Wet 56 van 1980.]

(2) 'n Werk, behalwe 'n uitsending of programdraende sein, kom nie vir outeursreg in aanmerking nie tensy die werk op skrif gestel is of opgeneem is of in digitale data of seine verteenwoordig is of andersins tot stoflike vorm herlei is.

[Sub-a. (2) vervang by a. 2 (b) van Wet 56 van 1980, by a. 2 (c) van Wet 125 van 1992 en by a. 51 van Wet 38 van 1997.]

(2A) 'n Uitsending of programdraende sein kom nie vir outeursreg in aanmerking nie totdat, in die geval van 'n uitsending, dit uitgesend is en, in die geval van 'n programdraende sein, dit deur 'n satelliet oorgesein is.

[Sub-a. (2A) ingevoeg by a. 2 (d) van Wet 125 van 1992.]

(3) 'n Werk is nie vir outeursreg ongeskik slegs uit hoofde daarvan dat die vervaardiging van die werk, of die verrigting van 'n handeling met betrekking tot die werk, 'n skending van outeursreg in 'n ander werk behels nie.

#### 3 Outeursreg uit hoofde van nasionaliteit, domisilie of verblyf, en duur van outeursreg

(1) Outeursreg word deur hierdie artikel verleen aan elke werk wat vir outeursreg in aanmerking kom en waarvan die outeur of, in die geval van mede-outeurskap, een van die outeurs ten tyde van die vervaardiging van die werk of 'n aansienlike deel daarvan, 'n bevoegde persoon is, naamlik-

- (a) in die geval van 'n individu, iemand wat 'n Suid-Afrikaanse burger is of in die Republiek gedomisilieer of woonagtig is; of
- (b) in die geval van 'n regspersoon 'n liggaam wat kragtens die wette van die Republiek ingelyf is;

Met dien verstande dat 'n boukundige werk in die Republiek opgerig of 'n ander artistieke werk opgeneem in 'n gebou of enige ander permanente struktuur in die Republiek, vir outeursreg in aanmerking kom, hetsy die outeur 'n bevoegde persoon was al dan nie.

[Sub-a. (1) vervang by a. 3 (a) van Wet 125 van 1992.]

(2) Die termyn van outeursreg deur hierdie artikel verleen, is, in die geval van-



- (a) letterkundige of musiekwerke of ander artistieke werke as foto's, die lewensduur van die outeur en vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die outeur sterf: Met dien verstande dat indien daar voor die dood van die outeur ten opsigte van sodanige werke of 'n aanwending daarvan geen van die volgende handeling verrig is nie, naamlik-
- (i) die publikasie daarvan;
  - (ii) die openbare op- of uitvoering daarvan;
  - (iii) die aanbied vir verkoop aan die publiek van opnames daarvan;
  - (iv) die uitsaai daarvan,

die termyn van die outeursreg voortduur vir 'n tydperk van vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die eerste van genoemde handeling verrig word;

[Par. (a) gewysig by a. 3 (a) van Wet 52 van 1984.]

- (b) rolprente, foto's en rekenaarprogramme, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk-
- (i) aan die publiek beskikbaar gestel word met die toestemming van die eienaar van die outeursreg; of
  - (ii) vir die eerste keer gepubliseer word,

welke termyn ook al die langste is, of by ontstentenis van so 'n gebeurtenis binne vyftig jaar vanaf die vervaardiging van die werk, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk vervaardig word;

[Par. (b) vervang by a. 3 (b) van Wet 125 van 1992 en by a. 52 van Wet 38 van 1997.]

- (c) klankopnames, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die opname vir die eerste keer gepubliseer word;
- (d) uitsendings, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die uitsending die eerste keer plaasvind;
- (e) programdraende seine, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die seine aan 'n satelliet uitgesend word;
- (f) gepubliseerde uitgawes, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die uitgawe vir die eerste keer gepubliseer word.

[Par. (f) bygevoeg by a. 3 (b) van Wet 52 van 1984.]

(3) (a) In die geval van anonieme of pseudonieme werke, bly die outeursreg daarin voortbestaan vir vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk aan die publiek beskikbaar gestel word met die toestemming van die eienaar van die outeursreg of vanaf die einde van die jaar waarin dit redelik is om te aanvaar dat die outeur oorlede is, welke termyn ook al die kortste is.

[Par. (a) vervang by a. 3 (c) van Wet 125 van 1992.]

(b) In die geval dat die identiteit van die outeur bekend word voor die verstryking van die tydperk in paragraaf (a) bedoel, word die termyn van beskerming van die outeursreg bereken ooreenkomstig die bepalinge van subartikel (2).

(4) In die geval van 'n werk deur mede-outeurs word die verwysing in die voorafgaande subartikels na die afsterwe van die outeur geag te verwys na die outeur wat laaste sterf, hetsy hy 'n bevoegde persoon is al dan nie.

#### **4 Outeursreg deur verwysing na land van oorsprong**

(1) Outeursreg word deur hierdie artikel verleen aan elke werk wat vir outeursreg in aanmerking kom en wat-

- (a) 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk of 'n klankopname is wat vir die eerste keer in die Republiek gepubliseer word;
- (b) 'n uitsending is wat in die Republiek vervaardig word;
- (c) 'n programdraende sein is wat aan 'n satelliet vanaf 'n plek in die Republiek uitgesend word;
- (d) 'n rolprent is wat vir die eerste keer in die Republiek gepubliseer of vervaardig word;
- (e) 'n gepubliseerde uitgawe is wat vir die eerste keer in die Republiek gepubliseer word;  
[Par. (e) bygevoeg by a. 4 (b) van Wet 52 van 1984.]
- (f) 'n rekenaarprogram is wat vir die eerste keer in die Republiek gepubliseer of vervaardig is,  
[Par. (f) ingevoeg by a. 4 van Wet 125 van 1992.]

en ten opsigte waarvan outeursreg nie deur artikel 3 verleen word nie.

(2) Outeursreg deur hierdie artikel aan 'n werk verleen, is onderhewig aan dieselfde termyn van outeursreg waarvoor in artikel 3 vir 'n soortgelyke werk voorsiening gemaak word.

## **5 Outeursreg met betrekking tot staat en sekere internasionale organisasies**

- (1) Hierdie Wet bind die staat.
- (2) Outeursreg word deur hierdie artikel verleen aan elke werk wat vir outeursreg in aanmerking kom en wat vervaardig word deur of onderhewig aan die voorskrif of beheer van die staat of die internasionale organisasies wat voorgeskryf word.
- (3) Outeursreg deur hierdie artikel verleen aan 'n letterkundige of musiekwerk of 'n ander artistieke werk as 'n foto, bly voortbestaan vir vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk vir die eerste keer gepubliseer word.
- (4) Outeursreg deur hierdie artikel aan 'n prent, foto, klankopname, uitsending, programdraende sein, gepubliseerde uitgawe of rekenaarprogram verleen, is onderhewig aan dieselfde termyn van outeursreg waarvoor in artikel 3 vir 'n soortgelyke werk voorsiening gemaak word.  
[Sub-a. (4) vervang by a. 5 van Wet 52 van 1984 en by a. 5 van Wet 125 van 1992.]
- (5) Artikels 3 en 4 verleen nie outeursreg aan werke met betrekking waartoe hierdie artikel van toepassing is nie.
- (6) Outeursreg wat in die staat gevestig is, word vir administratiewe doeleindes geag gevestig te wees in die beampte in die staatsdiens wat deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* aangewys word.

## **6 Aard van outeursreg in letterkundige of musiekwerke**

Outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig-

- (a) Reproduksie van die werk op enige wyse of in enige vorm;
- (b) publikasie van die werk indien dit tot nog toe ongepubliseer was;  
[Par. (b) vervang by a. 6 van Wet 125 van 1992.]
- (c) op- of uitvoering van die werk in die openbaar;
- (d) uitsending van die werk;
- (e) die werk in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens 'n wettige uitsending, met inbegrip van die werk, oorsend en deur die

oorspronklike uitsender bedryf word;

[Par. (e) vervang by a. 3 (b) van Wet 56 van 1980 en gewysig by a. 58 van Wet 38 van 1997.]

- (f) vervaardiging van 'n aanwending van die werk;
- (g) verrigting, met betrekking tot 'n aanwending van die werk, van enige van die handeling in paragrawe (a) tot en met (e) met betrekking tot die werk vermeld.

[A. 6 gewysig by a. 3 (a) van Wet 56 van 1980.]

## **7 Aard van outeursreg in artistieke werke**

Outeursreg in 'n artistieke werk verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

- (a) Reproduksie van die werk op enige wyse of in enige vorm;
- (b) publikasie van die werk;  
[Par. (b) vervang by a. 7 van Wet 125 van 1992.]
- (c) insluiting van die werk in 'n rolprent of 'n televisie-uitsending;
- (d) 'n televisie- of ander program waarin die werk opgeneem is, in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens 'n wettige televisie-uitsending, met inbegrip van die werk, oorsend en deur die oorspronklike uitsender bedryf word;

[Par. (d) vervang by a. 4 (b) van Wet 56 van 1980 en gewysig by a. 58 van Wet 38 van 1997.]

- (e) vervaardiging van 'n aanwending van die werk;
- (f) verrigting, met betrekking tot 'n aanwending van die werk, van enige van die handeling in paragrawe (a) tot en met (d) met betrekking tot die werk vermeld.

[A. 7 gewysig by a. 4 (a) van Wet 56 van 1980.]

## **8 Aard van outeursreg in rolprente**

(1) Outeursreg in 'n rolprent verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig-

- (a) Reproduksie van die rolprent op enige wyse of in enige vorm, met inbegrip van vervaardiging van 'n stilfoto daarvan;  
[Par. (a) vervang by a. 8 (a) van Wet 125 van 1992.]
- (b) die rolprent, vir sover dit uit beelde bestaan, in die openbaar te laat sien, of, vir sover dit uit klanke bestaan, in die openbaar te laat hoor;
- (c) uitsending van die rolprent;
- (d) die rolprent in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens 'n wettige televisie-uitsending, met inbegrip van die rolprent, oorsend en deur die oorspronklike uitsender bedryf word;

[Par. (d) vervang by a. 5 (b) van Wet 56 van 1980 en gewysig by a. 58 van Wet 38 van 1997.]

- (e) vervaardiging van 'n aanwending van die rolprent;
- (f) verrigting, met betrekking tot 'n aanwending van die rolprent, van enige van die handeling in paragrawe (a) tot en met (d) met betrekking tot die prent vermeld;
- (g) verhuur, of aanbieding of uitstalling vir verhuur by wyse van handel, regstreeks of onregstreeks, van 'n kopie van die rolprent.

[Par. (g) bygevoeg by a. 6 van Wet 52 van 1984 en vervang by a. 1 van Wet 61 van 1989 en by a. 8 (b) van Wet 125 van 1992.]

[Sub-a. (1) gewysig by a. 5 (a) van Wet 56 van 1980.]

(2) .....

[Sub-a. (2) geskrap by a. 8 (c) van Wet 125 van 1992.]

## **9 Aard van outeursreg in klankopnames**

Outeursreg in 'n klankopname verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

- (a) Vervaardiging, regstreeks of onregstreeks, van 'n opname waarin die klankopname vervat is;
- (b) verhuur, of aanbieding of uitstalling vir verhuur by wyse van handel, regstreeks of onregstreeks, van 'n reproduksie van die klankopname;
- (c) uitsending van die klankopname;
- (d) die klankopname te laat deursend in 'n verspreidingsdiens, tensy daardie diens 'n regmatige uitsending doen wat die klankopname insluit, en deur die oorspronklike uitsender bedryf word;
- (e) die opname aan die publiek oordra.

[Par. (b) vervang by a. 7 van Wet 52 van 1984 en by a. 2 van Wet 61 van 1989.]

[A. 9 vervang by a. 6 van Wet 56 van 1980, gewysig by a. 7 van Wet 52 van 1984 en by a. 2 van Wet 61 van 1989 en vervang by a. 2 van Wet 9 van 2002.]

### **9A Tantièmes**

(1) (a) By ontstentenis van 'n andersluidende ooreenkoms, mag geen persoon 'n klankopname in artikel 9 (c), (d) of (e) beoog uitsaai, die uitsending daarvan veroorsaak of speel nie, sonder betaling van 'n tantième aan die eienaar van die toepaslike outeursreg.

(b) Die bedrag van enige tantième in paragraaf (a) beoog word bepaal deur 'n ooreenkoms tussen die gebruiker van die klankopname, die voordraer en die eienaar van die outeursreg, of tussen hulle verteenwoordigende insamelingsverenigings.

(c) By ontstentenis van 'n ooreenkoms in paragraaf (b) beoog, kan die gebruiker, voordraer of eienaar die aangeleentheid verwys na die Outeursreghof in artikel 29 (1) bedoel, of hulle kan ooreenkom om die aangeleentheid na arbitrasie ingevolge die Arbitrasiewet, 1965 (Wet 42 van 1965), te verwys.

(2) (a) Die eienaar van die outeursreg wat 'n tantième ingevolge hierdie artikel ontvang, deel sodanige tantième met enige voordraer wie se uitvoering in die betrokke klankopname voorkom en wat geregtig sou wees om 'n tantième ten opsigte daarvan te ontvang soos in artikel 5 van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet 11 van 1967), beoog.

(b) Die voordraer se deel van die tantième word bepaal deur 'n ooreenkoms tussen die voordraer en die eienaar van outeursreg, of tussen hul verteenwoordigende insamelingsverenigings.

(c) By ontstentenis van 'n ooreenkoms in paragraaf (b) beoog, kan die voordraer of eienaar die aangeleentheid verwys na die Outeursreghof in artikel 29 (1) bedoel, of hulle kan ooreenkom om die aangeleentheid na arbitrasie ingevolge die Arbitrasiewet, 1965 (Wet 42 van 1965), te verwys.

(d) Enige betaling deur die gebruiker van die klankopname ingevolge hierdie subartikel gemaak, sal geag word te voldoen het aan enige verpligting wat daardie gebruiker mag hê om enige betaling te maak ten opsigte van sy of haar gebruik van 'n

ooreenstemmende vaslegging ingevolge artikel 5 van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967 (Wet 11 van 1967).

(3) Wanneer enige reg tot 'n tantième oorgedra word aan 'n opvolger in titel, hetsy deur kontraktuele reëling, regswerking, testamentêre beskikking of andersins, sal enige opvolger in titel geregtig wees om sodanige reg tot 'n tantième af te dwing teen die persoon wat ingevolge hierdie artikel verplig is om te betaal of teen sy of haar opvolger in titel.

[A. 9A ingevoeg by a. 3 van Wet 9 van 2002.]

#### **10 Aard van outeursreg in uitsendings**

Outeursreg in 'n uitsending verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

(a) Reproduksie, regstreeks of onregstreeks, van die uitsending op enige wyse of in enige vorm, met inbegrip, in die geval van 'n televisie-uitsending, van die vervaardiging van 'n stilfoto daarvan;

[Par. (a) vervang by a. 9 van Wet 125 van 1992.]

(b) heruitsending van die uitsending;

(c) die uitsending in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens deur die oorspronklike uitsender bedryf word.

[Par. (c) gewysig by a. 58 van Wet 38 van 1997.]

[A. 10 gewysig by a. 7 van Wet 56 van 1980.]

#### **11 Aard van outeursreg in programdraende seine**

Outeursreg in programdraende seine verleen die uitsluitlike reg om die regstreeks of onregstreekse verspreiding van sodanige seine deur 'n verspreider aan die algemene publiek of 'n gedeelte daarvan in die Republiek, of vanaf die Republiek, te onderneem of te magtig.

##### **11A Aard van outeursreg in gepubliseerde uitgawes**

Outeursreg in 'n gepubliseerde uitgawe verleen die uitsluitlike reg om 'n reproduksie van die uitgawe op enige wyse te vervaardig of die vervaardiging daarvan te magtig.

[A. 11A ingevoeg by a. 8 van Wet 52 van 1984.]

##### **11B Aard van outeursreg in rekenaarprogramme**

Outeursreg in 'n rekenaarprogram verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handeling in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

(a) Reproduksie van die rekenaarprogram op enige wyse of in enige vorm;

(b) publikasie van die rekenaarprogram indien dit tot nog toe ongepubliseer was;

(c) op- of uitvoering van die rekenaarprogram in die openbaar;

(d) uitsending van die rekenaarprogram;

(e) die rekenaarprogram in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens 'n wettige uitsending, met inbegrip van die rekenaarprogram, oorsend en deur die oorspronklike uitsender bedryf word;

(f) vervaardiging van 'n aanwending van die rekenaarprogram;

(g) verrigting, met betrekking tot 'n aanwending van die rekenaarprogram, van enige van die handeling in paragrawe (a) tot en met (e) met betrekking tot die rekenaarprogram vermeld;

(h) verhuur, of aanbidding of uitstalling vir verhuur by wyse van handel,

regstreeks of onregstreeks, van 'n kopie van die rekenaarprogram.  
[A. 11B ingevoeg by a. 10 van Wet 125 van 1992 en vervang by a. 53 van Wet 38 van 1997.]

## **12 Algemene uitsonderings rakende beskerming van letterkundige en musiekwerke**

(1) Outeursreg word nie geskend nie deur enige billike gebruik van 'n letterkundige of musiekwerk-

- (a) vir die doeleindes van navorsing of private studie deur, of die persoonlike of private gebruik van, die persoon wat die werk gebruik;
- (b) vir die doeleindes van beoordeling of resensie van die werk of 'n ander werk; of
- (c) ten einde oor sake van die dag verslag te doen-
  - (i) in 'n koerant, tydskrif of dergelike blad; of
  - (ii) deur middel van uitsending of in 'n rolprent:

Met dien verstande dat, in die geval van paragrafe (b) en (c) (i), die bron vermeld moet word, asook die naam van die outeur indien dit op die werk voorkom.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 11 (a) en (b) van Wet 125 van 1992.]

(2) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word nie geskend deur die werk vir die doeleindes van geregtelike verrigtinge te gebruik of deur dit vir die doeleindes van 'n verslag oor geregtelike verrigtinge te reproduseer nie.

(3) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk wat wettig tot beskikking van die publiek is, word nie geskend deur 'n aanhaling daaruit nie, met inbegrip van 'n aanhaling uit artikels in koerante of tydskrifte wat in die vorm van opsommings van so 'n werk is: Met dien verstande dat die aanhaling met billike gebruik bestaanbaar moet wees, dat die omvang daarvan nie die omvang moet oorskry wat deur die doel geregverdig is nie en dat die bron vermeld moet word, asook die naam van die outeur indien dit op die werk voorkom.

(4) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word nie geskend deur die gebruik van daardie werk, in die mate deur die doel geregverdig, by wyse van toeligting in 'n publikasie, uitsending of klank- of visuele opname vir onderwys nie: Met dien verstande dat sodanige gebruik met billike gebruik bestaanbaar moet wees en dat die bron vermeld moet word, asook die naam van die outeur indien dit op die werk voorkom.

(5) (a) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word nie geskend deur die reproduksie van so 'n werk deur 'n uitsender deur middel van sy eie fasiliteite nie waar so 'n reproduksie of 'n kopie daarvan uitsluitlik bedoel is vir wettige uitsendings van die uitsender en vernietig word voor die verstryking van 'n tydperk van ses maande onmiddellik na die vervaardiging van die reproduksie, of die langer tydperk waartoe die eienaar van die betrokke deel van die outeursreg in die werk instem.

(b) 'n Reproduksie van 'n werk ingevolge paragraaf (a) vervaardig, kan, indien dit van 'n besondere dokumentêre aard is, in die argief van die uitsender bewaar word maar word, behoudens die bepalings van hierdie Wet, nie vir uitsending of enige ander doel gebruik sonder die toestemming van die eienaar van die betrokke deel van die outeursreg in die werk nie.

[Sub-a. (5) vervang by a. 54 van Wet 38 van 1997.]

(6) (a) Die outeursreg in 'n lesing, adres of ander werk van 'n soortgelyke aard wat in die openbaar gelewer word, word nie geskend deur dit in die pers te reproduseer of

deur dit uit te saai nie, indien sodanige reproduksie of uitsending vir 'n inligtingsdoel is.

(b) Die outeur van 'n lesing, adres of ander werk in paragraaf (a) bedoel, het die uitsluitlike reg om 'n versameling daarvan te maak.

(7) Die outeursreg in 'n artikel oor 'n heersende ekonomiese, politieke of godsdienstige onderwerp in 'n koerant of tydskrif of uitsending gepubliseer, word nie geskend deur dit in die pers te reproduseer of dit uit te saai nie, indien sodanige reproduksie of uitsending nie uitdruklik voorbehou is nie en die bron duidelik vermeld word.

(8) (a) Outeursreg bestaan nie in amptelike stukke van 'n wetgewende, administratiewe of wetlike aard of in amptelike vertalings van sodanige stukke of in toesprake van 'n politieke aard of in toesprake gelewer tydens regsverrigtinge nie of in nuus van die dag wat slegs items van persinligting is nie.

(b) Die outeur van die toesprake in paragraaf (a) bedoel, het die uitsluitlike reg om 'n versameling daarvan te maak.

(9) Die bepalinge van subartikels (1) tot en met (7) is van toepassing ook met betrekking tot die vervaardiging of gebruik van 'n aanwending van 'n werk.

[Sub-a. (9) vervang by a. 11 (c) van Wet 125 van 1992.]

(10) Die bepalinge van subartikels (6) en (7) is van toepassing ook met betrekking tot 'n werk of 'n aanwending daarvan wat in 'n verspreidingsdiens oorgesend word.

[Sub-a. (10) vervang by a. 11 (d) van Wet 125 van 1992.]

(11) Die bepalinge van subartikels (1) tot en met (4) en (6), (7) en (10) word uitgelê dat hulle die reg behels om die betrokke werk òf in sy oorspronklike taal òf in 'n ander taal te gebruik, en in laasgenoemde geval word die reg van vertaling van die outeur geag nie geskend te gewees het nie.

(12) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word nie geskend deur die gebruik daarvan in 'n *bona fide*-vertoning van radio- of televisie-ontvangtoestelle of enige tipe opneemtoerusting of terugspeeltoerusting deur 'n handelaar in sodanige toerusting aan 'n klant nie.

[Sub-a. (12) vervang by a. 11 (e) van Wet 125 van 1992.]

(13) Die magtiging om 'n letterkundige werk as grondslag vir die vervaardiging van 'n rolprent te gebruik of as 'n bydrae tot die vervaardiging te gebruik, sluit, by ontstentenis van 'n ooreenkoms tot die teendeel, die reg in om die rolprent uit te saai.

[Sub-a. (13) bygevoeg by a. 11 (f) van Wet 125 van 1992.]

### **13 Algemene uitsonderings ten opsigte van reproduksie van werke**

Benewens reproduksies toelaatbaar ingevolge hierdie Wet, is reproduksie van 'n werk ook toelaatbaar soos by regulasie voorgeskryf, maar op so 'n wyse dat die reproduksie nie bots met 'n normale benutting van die werk en die regmatige belange van die eienaar van die outeursreg onredelik benadeel nie.

[A. 13 vervang by a. 8 van Wet 56 van 1980.]

### **14 Spesiale uitsondering ten opsigte van opnames van musiekwerke**

(1) Die outeursreg in 'n musiekwerk word nie geskend nie deur iemand (in hierdie artikel die "vervaardiger" genoem) wat 'n opname in die Republiek vervaardig van die werk of van 'n aanwending daarvan, hetsy van 'n ingevoerde skyf, band, matrys of andersins, indien-

(a) opnames waarin die werk of 'n soortgelyke aanwending van die werk vervat is, voorheen in die Republiek vervaardig of ingevoer is vir die

doeleindes van verkoop in die kleinhandel en aldus vervaardig of ingevoer is deur, of met die vergunning van, die eienaar van die outeursreg in die werk;

- (b) die vervaardiger, voordat hy die opname vervaardig, die voorgeskrewe kennis aan die eienaar van die outeursreg gegee het van sy voorneme om dit te vervaardig;
- (c) die vervaardiger voornemens is om die opname in die kleinhandel te verkoop of vir verkoop in die kleinhandel deur iemand anders te voorsien of om dit te gebruik om ander opnames te vervaardig om aldus verkoop of voorsien te word; en
- (d) in die geval van 'n opname wat in die kleinhandel verkoop word of vir die doeleindes van verkoop in die kleinhandel voorsien word, die vervaardiger die voorgeskrewe tantième op die voorgeskrewe wyse en tyd aan die eienaar van die outeursreg betaal.

(2) Waar 'n opname met of sonder ander stof bestaan uit 'n op- of uitvoering van 'n musiekwerk of van 'n aanwending van 'n musiekwerk waarby woorde gesing of as bykomende deel van of saam met die musiek gebesig word, en daar geen outeursreg in daardie werk bestaan nie of, indien outeursreg daarin bestaan, die voorwaardes in subartikel (1) vermeld met betrekking tot sodanige outeursreg nagekom is en-

- (a) die woorde bestaan uit of deel uitmaak van 'n letterkundige werk waarin outeursreg bestaan; en
- (b) opnames in subartikel (1) (a) bedoel deur, of met die vergunning van, die eienaar van die outeursreg in daardie letterkundige werk, vervaardig of ingevoer is; en
- (c) die voorwaardes in subartikel (1) (b) en (d) vermeld, met betrekking tot die eienaar van daardie outeursreg nagekom is,

maak die vervaardiging van die opname nie 'n skending van die outeursreg in die letterkundige werk uit nie.

(3) By die toepassing van hierdie artikel word 'n aanwending van 'n werk geag ooreen te kom met 'n aanwending daarvan wat in 'n vorige opname vervat is indien die twee aanwendings nie weselik verskil in hulle bewerking van die werk nie, hetsy ten opsigte van styl of, afgesien van enige verskil in getalle, ten opsigte van die deelnemers wat in die op- of uitvoering daarvan moet optree.

(4) 'n Vervaardiger kan vir die doeleindes van paragraaf (a) van subartikel (1) die voorgeskrewe navrae doen ten einde te bepaal of die vorige opnames in daardie paragraaf bedoel voorheen in die Republiek vervaardig of ingevoer is, en indien die eienaar van die outeursreg versuim om binne die voorgeskrewe tyd op sodanige navrae te antwoord, word bedoelde vorige opnames geag met die vergunning van die eienaar van die outeursreg vervaardig of, na gelang van die geval, ingevoer te gewees het.

(5) Die voorafgaande bepalinge van hierdie artikel geld ook met betrekking tot opnames van 'n gedeelte van 'n werk of 'n aanwending daarvan: Met dien verstande dat die bepalinge van subartikel (1) nie van toepassing is met betrekking tot-

- (a) 'n opname van die hele werk of 'n aanwending daarvan nie tensy die vorige opnames in paragraaf (a) van daardie subartikel bedoel opnames van die hele werk of van 'n soortgelyke aanwending was; of
- (b) 'n opname van 'n gedeelte van 'n werk of 'n aanwending daarvan nie tensy



die opnames voorheen in die Republiek vervaardig of ingevoer soos beoog in paragraaf (a) van daardie subartikel van daardie gedeelte van die werk of van 'n soortgelyke aanwending was of dit ingesluit het.

[A. 14 vervang by a. 12 van Wet 125 van 1992.]

### **15 Algemene uitsonderings rakende beskerming van artistieke werke**

(1) Die outeursreg in 'n artistieke werk word nie geskend deur die insluiting daarvan in 'n rolprent of 'n televisie-uitsending of oorsending in 'n verspreidingsdiens nie, indien sodanige insluiting slegs by wyse van agtergrond is vir, of bykomstig is tot, die hoofonderwerpe wat in die prent, uitsending of oorsending voorgestel word.

(2) Die outeursreg in 'n boukundige werk of in die betrokke planne word nie geskend deur die heropbouing van daardie werk op dieselfde terrein in dieselfde styl as die oorspronklike nie.

(3) Die outeursreg in 'n artistieke werk word nie geskend deur die reproduksie of insluiting daarvan in 'n rolprent of 'n televisie-uitsending of oorsending in 'n verspreidingsdiens nie, indien sodanige werk blywend geleë is in 'n straat, plein of 'n soortgelyke openbare plek.

(3A) (a) Die outeursreg in 'n artistieke werk waarvan driedimensionele reproduksies deur of met die toestemming van die eienaar van die outeursreg aan die publiek beskikbaar gestel is hetsy binne of buite die Republiek (hierna gemagtigde reproduksies genoem), word nie geskend nie indien iemand sonder die toestemming van die eienaar driedimensionele reproduksies of aanwendings van die gemagtigde reproduksies maak of aan die publiek beskikbaar stel, mits-

(i) .....

[Sub-par. (i) geskrap by a. 2 (1) (a) van Wet 13 van 1988.]

(ii) die gemagtigde reproduksies hoofsaaklik 'n utiliteitsdoel het en deur 'n industriële proses gemaak word.

(b) .....

[Par. (b) geskrap by a. 2 (1) (b) van Wet 13 van 1988.]

[Sub-a. (3A) ingevoeg by a. 2 van Wet 66 van 1983.]

(4) Die bepalinge van artikel 12 (1), (2), (4), (5), (9), (10), (12) en (13) is *mutatis mutandis*, vir sover hulle toegepas kan word, met betrekking tot artistieke werke van toepassing.

[Sub-a. (4) vervang by a. 13 van Wet 125 van 1992.]

### **16 Algemene uitsonderings rakende beskerming van rolprente**

(1) Die bepalinge van artikel 12 (1) (b) en (c), (2), (3), (4), (12) en (13) is *mutatis mutandis* met betrekking tot rolprente van toepassing.

(2) Waar klanke wat in 'n klankbaan opgeneem is wat aan 'n rolprent verbonde is, ook opgeneem is in 'n ander opname as so 'n klankbaan of in 'n opname wat regstreeks of onregstreeks van so 'n klankbaan verkry is, word die outeursreg in die rolprent nie deur die gebruik van daardie opname geskend nie.

[A. 16 vervang by a. 14 van Wet 125 van 1992.]

### **17 Algemene uitsonderings rakende beskerming van klankopnames**

Die bepalinge van artikel 12 (1) (b) en (c), (2), (3), (4), (5), (12) en (13) is *mutatis mutandis* met betrekking tot klankopnames van toepassing.

[A. 17 vervang by a. 15 van Wet 125 van 1992.]

### **18 Algemene uitsonderings rakende beskerming van uitsendings**

Die bepalings van artikel 12 (1) tot en met (5) en (12) en (13) is *mutatis mutandis* met betrekking tot uitsendings van toepassing.

[A. 18 vervang by a. 16 van Wet 125 van 1992.]

### **19 Algemene uitsonderings rakende beskerming van programdraende seine**

(1) Die outeursreg in programdraende seine word nie geskend nie deur die verspreiding van kort uittreksels uit die program aldus vervoer-

- (a) wat bestaan uit verslae oor sake van die dag; of
- (b) wat bestaanbaar is met billike gebruik,

en in die mate wat geregverdig is deur die inligtingsdoel van die uittreksels.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing met betrekking tot 'n program vervoer deur programdraende seine wat 'n sportgebeurtenis weergee nie.

### **19A Algemene uitsonderings rakende beskerming van gepubliseerde uitgawes**

Die bepalings van artikel 12 (1), (2), (4), (5), (8), (12) en (13) is *mutatis mutandis* met betrekking tot gepubliseerde uitgawes van toepassing.

[A. 19A ingevoeg by a. 9 van Wet 52 van 1984 en vervang by a. 17 van Wet 125 van 1992.]

### **19B Algemene uitsonderings rakende beskerming van rekenaarprogramme**

(1) Behoudens die bepalings van artikel 23 (2) (d) is die bepalings van artikel 12 (1) (b) en (c), (2), (3), (4), (5), (12) en (13) vir sover hulle toegepas kan word, *mutatis mutandis* met betrekking tot rekenaarprogramme van toepassing.

(2) Die outeursreg in 'n rekenaarprogram word nie geskend nie deur 'n persoon wat in regmatige besit van daardie program, of 'n gemagtigde kopie daarvan, is indien-

- (a) hy kopieë daarvan vervaardig in die mate wat redelikerwys noodsaaklik is vir die doeleindes van rugsteun;
- (b) 'n kopie wat so vervaardig is, bedoel is uitsluitlik vir persoonlike of private doeleindes; en
- (c) so 'n kopie vernietig word wanneer die besit van die betrokke rekenaarprogram, of gemagtigde kopie daarvan, ophou om regmatig te wees.

[A. 19B ingevoeg by a. 18 van Wet 125 van 1992.]

### **20 Morele regte**

(1) Ondanks die oordrag van die outeursreg in 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk, in 'n rolprent of in 'n rekenaarprogram het die outeur die reg, behoudens die bepalings van hierdie Wet, om aanspraak op outeurskap in die werk te maak en om teen enige verdraaiing of skending van, of ander verandering aan, die werk beswaar te maak waar sodanige optrede vir die eer of goeie naam van die outeur nadelig is of sal wees: Met dien verstande dat 'n outeur wat die gebruik van sy werk in 'n rolprent of televisie-uitsending magtig of 'n outeur van 'n rekenaarprogram of 'n werk wat verband hou met 'n rekenaarprogram nie veranderings mag verhinder of beswaar daarteen maak nie wat op tegniese gronde of vir die doel van kommersiële benutting van die werk, absoluut noodsaaklik is nie.

(2) 'n Skending van die bepalings van hierdie artikel word beskou as 'n skending van outeursreg ingevolge Hoofstuk 2, en by die toepassing van die bepalings van genoemde Hoofstuk word die outeur geag die eienaar van die betrokke outeursreg te wees.

[A. 20 vervang by a. 19 van Wet 125 van 1992.]

## **21 Eiendomsreg op outeursreg**

(1) (a) Behoudens die bepalings van hierdie artikel berus die eiendomsreg op enige outeursreg wat by artikel 3 of 4 aan enige werk verleen word, by die outeur of, in die geval van 'n werk van mede-outeurskap, by die mede-outeurs van die werk.

(b) Indien 'n letterkundige of artistieke werk deur 'n outeur vervaardig word in die loop van sy diens by die eienaar van 'n koerant, tydskrif of dergelike blad ingevolge 'n diens- of leerlingkontrak, en aldus vervaardig word vir publikasie in 'n koerant, tydskrif of dergelike blad, is daardie eienaar die eienaar van die outeursreg in die werk vir sover die outeursreg betrekking het op publikasie van die werk in 'n koerant, tydskrif of dergelike blad of op reproduksie van die werk ten einde dit aldus te publiseer, maar in alle ander opsigte is die outeur die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 in dié werk bestaan.

(c) Indien iemand 'n opdrag vir die neem van 'n foto, die skilder of teken van 'n portret, die maak van 'n gravure, die maak van 'n rolprent of die maak van 'n klankopname gee en met geld of in geldswaarde daarvoor betaal of hom daartoe verbind, en die werk ingevolge so 'n opdrag vervaardig word, is so iemand, behoudens die bepalings van paragraaf (b), die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 daarin bestaan.

(d) Waar 'n werk in 'n geval wat nie deur paragraaf (b) of (c) gedek word nie, in die loop van die outeur se diens by 'n ander persoon ingevolge 'n diens- of leerlingkontrak vervaardig word, is daardie ander persoon die eienaar van enige outeursreg wat ingevolge artikel 3 of 4 in die werk bestaan.

(e) Paragraawe (b), (c) en (d) geld in elke bepaalde geval onderworpe aan enige ooreenkoms waarby die toepassing daarvan uitgesluit word en behoudens die bepalings van artikel 20.

(2) Eiendomsreg op outeursreg by artikel 5 verleen, vestig aanvanklik in die staat of die betrokke internasionale organisasie, en nie in die outeur nie.

[A. 21 vervang by a. 9 van Wet 56 van 1980.]

## **22 Oordragte en lisensies ten opsigte van outeursreg**

(1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, gaan outeursreg as roerende goed oor deur oordrag, testamentêre beskikking of wetswerking.

(2) 'n Oordrag van, of testamentêre beskikking oor, outeursreg kan beperk word sodat dit geld vir slegs sommige van die handeling wat die eienaar van die outeursreg die uitsluitlike reg het om te beheer, of vir slegs deel van die termyn van die outeursreg, of vir 'n bepaalde land of ander geografiese gebied.

(3) Geen oordrag van outeursreg en geen uitsluitende lisensie om 'n handeling te verrig wat onderhewig is aan outeursreg, is van krag nie tensy dit op skrif is en onderteken is deur of namens die oordraer, die lisensieverlener of, in die geval van 'n uitsluitende sublisensie, die uitsluitende sublisensieverlener, na gelang van die geval.

(4) 'n Nie-uitsluitende lisensie om 'n handeling te verrig wat onderhewig is aan outeursreg, kan skriftelik of mondeling wees, of kan uit optrede afgelei word, en kan te eniger tyd ingetrek word: Met dien verstande dat so 'n lisensie wat deur kontrak verleen is, nie ingetrek word nie, hetsy deur die persoon wat die lisensie verleen het of sy regsopvolger, behalwe soos deur die kontrak bepaal, of by verdere kontrak.

(5) 'n Oordrag, lisensie of testamentêre beskikking kan verleen of gedoen word ten opsigte van die outeursreg in 'n toekomstige werk, of die outeursreg in 'n bestaande

werk waarin outeursreg nie bestaan nie maar in die toekoms tot stand sal kom, en die toekomstige outeursreg in so 'n werk kan as roerende goed oorgaan.

(6) 'n Testamentêre beskikking oor die stof waarop 'n werk vir die eerste keer geskryf of andersins aangeteken word, word by ontstentenis van 'n bepaling tot die teendeel, geag die beskikking van 'n outeursreg of toekomstige outeursreg in die werk in te sluit wat in die outeur ten tyde van sy dood gevestig is.

(7) 'n Lisensie ten opsigte van outeursreg verleen deur die persoon wat met betrekking tot die aangeleenthede deur die lisensie gedek, die eienaar van die outeursreg is, is bindend vir elkeen op wie sy belang in die outeursreg as regverkrygende oorgaan, behalwe iemand wat die lisensie te goeder trou en sonder kennis daarvan, hetsy werklik of konstruktief, koop of iemand wat sy reg van so 'n koper verkry, en 'n verwysing in hierdie Wet na die verrigting met betrekking tot outeursreg van enigiets met of sonder die vergunning van die eienaar van die outeursreg word dienoooreenkomstig uitgelê.

(8) Waar die verrigting van 'n handeling geoorloof is vir die persoon aan wie 'n lisensie toegestaan is of iemand wat sy regte van so 'n persoon verkry het, en wat volgens die bepalings, met inbegrip van stilswyende bepalings, van die lisensie bevoeg is om sodanige regte te verleen, word die handeling by die toepassing van hierdie Wet geag met vergunning van die verlener van die lisensie en elke ander persoon, as daar is, vir wie die lisensie bindend is, te geskied.

## HOOFSTUK 2

### SKENDINGS VAN OUTEURSREG EN REGSMIDDELS (aa 23-28)

#### 23 Skending

(1) Outeursreg word geskend deur iemand wat nie die eienaar van die outeursreg is nie en wat, sonder die vergunning van sodanige eienaar, 'n handeling in die Republiek verrig of laat verrig ten opsigte waarvan die eienaar die uitsluitlike reg het om dit te verrig of te magtig.

[Sub-a. (1) vervang by a. 20 (a) van Wet 125 van 1992.]

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van subartikel (1), word outeursreg geskend deur iemand wat sonder die vergunning van die eienaar van die outeursreg en op 'n tydstip wanneer outeursreg in 'n werk bestaan-

- (a) 'n artikel in die Republiek invoer vir 'n ander doel as vir sy private en huishoudelike gebruik;
- (b) 'n artikel in die Republiek verkoop, verhuur of by wyse van handel vir verkoop of verhuur aanbied of uitstal;
- (c) 'n artikel in so 'n mate in die Republiek vir die doeleindes van handel, of vir enige ander doel, versprei dat die eienaar van die betrokke outeursreg nadelig geraak word; of
- (d) 'n artikel wat op 'n rekenaarprogram betrekking het in die Republiek verkry,

[Par. (d) ingevoeg by a. 20 (b) van Wet 125 van 1992.]

indien die vervaardiging van daardie artikel na sy wete 'n skending van daardie outeursreg uitmaak of so 'n skending sou uitgemaak het as die artikel in die Republiek vervaardig was.

(3) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word geskend deur iemand wat toelaat dat 'n plek van openbare vermaak gebruik word vir 'n op- of uitvoering in die openbaar van die werk, waar die op- of uitvoering 'n skending van die outeursreg in die

werk uitmaak: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie in 'n geval waar die persoon wat toelaat dat die plek van openbare vermaak aldus gebruik word, nie bewus was, en nie redelike gronde gehad het om te vermoed, dat die op- of uitvoering 'n skending van die outeursreg sou wees nie.

(4) .....

[Sub-a. (4) geskrap by a. 20 (c) van Wet 125 van 1992.]

## **24 Aksie deur eienaar van outeursreg weens skending**

(1) Die eienaar van outeursreg kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, weens skending van die outeursreg aksie instel, en by so 'n aksie is regshulp by wyse van skadevergoeding, interdik, lewering van skendende kopieë of plate wat dien of bestem is vir die maak van skendende kopieë of andersins vir die eiser beskikbaar op dieselfde wyse as by 'n soortgelyke geding ten opsigte van die skending van enige ander vermoënsregte.

[Sub-a. (1) vervang by a. 21 (a) van Wet 125 van 1992.]

(1A) In plaas van skadevergoeding kan die eiser na keuse 'n bedrag toegeken word wat bereken is op die basis van 'n redelike tantième wat deur 'n lisensiehouer ten opsigte van die betrokke werk of tipe werk betaalbaar sou gewees het.

[Sub-a. (1A) ingevoeg by a. 21 (b) van Wet 125 van 1992 en vervang by a. 55 van Wet 38 van 1997.]

(1B) Vir die doel van die bepaling van die bedrag van skadevergoeding of 'n redelike tantième wat kragtens hierdie artikel of artikel 25 (2) toegeken moet word, kan die hof gelas dat 'n ondersoek gehou word en die prosedures vir die hou van sodanige ondersoek voorskryf wat die hof nodig ag.

[Sub-a. (1B) ingevoeg by a. 21 (b) van Wet 125 van 1992 en vervang by a. 55 van Wet 38 van 1997.]

(1C) Voordat die eienaar van outeursreg verrigtinge kragtens hierdie artikel instel, moet hy of sy skriftelik kennis gee aan die uitsluitlike lisensiehouer of sublisensiehouer van die betrokke outeursreg van sy of haar voorneme om dit te doen, en die uitsluitlike lisensiehouer of sublisensiehouer kan tussenbeide tree in sodanige verrigtinge en skade wat hy of sy as gevolg van die betrokke inbreuk gely het of 'n redelike tantième waarop hy of sy geregtig is, verhaal.

[Sub-a. (1C) ingevoeg by a. 21 (b) van Wet 125 van 1992 en vervang by a. 55 van Wet 38 van 1997.]

(2) Wanneer daar by 'n aksie weens skending van outeursreg bewys of erken word dat 'n skending geskied het maar dat die verweerder ten tyde van die skending nie bewus was en geen redelike gronde gehad het om te vermoed dat daar outeursreg in die werk waarop die aksie betrekking het, bestaan nie, is die eiser nie ingevolge hierdie artikel geregtig om skadevergoeding ten opsigte van die skending op die verweerder te verhaal nie.

[Sub-a. (2) vervang by a. 21 (c) van Wet 125 van 1992.]

(3) Wanneer by 'n geding ingevolge hierdie artikel 'n skending van outeursreg bewys of erken word en die hof met inagneming van alle ander ter sake dienende oorwegings en van-

(a) die flagrante aard van die skending; en

(b) enige voordeel wat volgens gelewerde bewys as gevolg van die skending aan die verweerder toegeval het,

oortuig is dat die eiser anders geen doeltreffende regsmiddel tot sy beskikking sou hê nie, kan die hof by die vasstelling van skadevergoeding ten opsigte van die skending die addisionele skadevergoeding toeken wat die hof goed vind.

(4) By 'n geding weens skending van outeursreg ten opsigte van die oprigting van 'n gebou word geen interdik of ander bevel gegee-

- (a) nadat die oprigting van die gebou reeds 'n aanvang geneem het, waarby die voltooiing daarvan belet word nie; of
- (b) waarby die sloping van die gebou, vir sover dit reeds opgerig is, gelas word nie.

## **25 Reg van aksie en regsmiddels van uitsluitende lisensiehouer en uitsluitende sublisensiehouer**

(1) 'n Uitsluitende lisensiehouer en 'n uitsluitende sublisensiehouer het dieselfde reg van aksie en is geregtig op dieselfde regsmiddels asof die lisensie 'n oordrag was en hierdie reg en regsmiddels is gelyklopend met die reg en regsmiddels van die eienaar van die outeursreg uit hoofde waarvan die lisensie of sublisensie toegestaan is.

(2) Voordat 'n uitsluitlike lisensiehouer of sublisensiehouer verrigtinge kragtens subartikel (1) instel, moet hy of sy skriftelik kennis gee aan die eienaar van die betrokke outeursreg van sy of haar voorneme om dit te doen, en die eienaar kan tussenbeide tree in sodanige verrigtinge en skade wat hy of sy as gevolg van die betrokke inbreuk gelyk het of 'n redelike tantième waarop hy of sy geregtig is, verhaal.

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 22 van Wet 125 van 1992 en vervang by a. 56 van Wet 38 van 1997.]

[A. 25 vervang by a. 1 van Wet 39 van 1986.]

## **26 Bewyslas in gedinge**

(1) Waar daar in die geval van 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk of rekenaarprogram, op kopieë van dié werk of program soos gepubliseer 'n naam verskyn het wat die naam van die outeur heet te wees, of, in die geval van 'n artistieke werk, so 'n naam ten tyde van die vervaardiging van die werk daarop verskyn het, word die persoon wie se naam aldus verskyn het, by 'n geding uit hoofde van hierdie Hoofstuk ingestel, indien dit sy werklike naam was of 'n naam waaronder hy algemeen bekend was, tensy die teendeel bewys word, veronderstel die outeur van die werk of program te wees.

(2) In die geval van 'n werk of program wat na bewering 'n werk of program van mede-outeurs is, geld subartikel (1) met betrekking tot elke persoon wat na bewering een van die outeurs van die werk of program is, asof verwysings in daardie subartikel na die outeur verwysings na een van die outeurs is.

(3) Indien daar by 'n geding uit hoofde van hierdie Hoofstuk ingestel ten opsigte van 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk of 'n rekenaarprogram wat 'n anonieme of pseudonieme werk of program is, bewys word-

- (a) dat die eerste publikasie van die werk of program in die Republiek geskied het en dat die werk of program aldus gepubliseer is binne die tydperk van vyftig jaar wat eindig by die aanvang van die kalenderjaar waarin die geding ingestel is; en
- (b) dat 'n naam wat die naam van die uitgewer heet te wees op kopieë van die werk of program soos die eerste keer gepubliseer, verskyn het,

dan word, tensy die teendeel bewys word, vermoed dat daar outeursreg in die werk of program bestaan en dat die persoon wie se naam aldus verskyn het die eienaar van

daardie outeursreg ten tyde van die publikasie was: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie indien die werklike naam van die outeur van 'n pseudonieme werk algemeen bekend is.

(4) Indien by 'n geding uit hoofde van hierdie Hoofstuk ingestel met betrekking tot 'n letterkundige, musiek- of artistieke werk of 'n rekenaarprogram bewys of erken word dat die outeur van die werk of program oorlede is, word die werk of program by ontstentenis van bewys tot die teendeel vermoed 'n oorspronklike werk of program te wees.

(5) Subartikel (4) is ook van toepassing waar 'n werk of program gepubliseer is en-

- (a) die publikasie anoniem was of plaasgevind het onder 'n naam wat volgens die eiser of die Staat se bewering 'n pseudoniem is; en
- (b) daar nie bewys word dat die werk of program ooit onder die outeur se werklike naam of onder 'n naam waaronder hy algemeen bekend was, gepubliseer is nie of dat iemand sonder voorafgaande kennis van die feite die identiteit van die outeur deur redelike navraag sou kon vasstel nie.

(6) Indien by 'n geding uit hoofde van hierdie Hoofstuk ingestel met betrekking tot die beweerde skending van outeursreg in 'n rolprent bewys word dat die naam wat die naam van die outeur van daardie rolprent heet te wees, op die voorgeskrewe wyse daarop verskyn, word die persoon wie se naam aldus verskyn, vermoed die outeur van daardie rolprent te wees, tensy die teendeel bewys word.

(7) Indien by 'n geding uit hoofde van hierdie Hoofstuk ingestel met betrekking tot die beweerde skending van outeursreg in 'n klankopname bewys word dat die opnames waarin daardie klankopname of 'n deel daarvan vasgelê is aan die publiek uitgegee is en dat toe bedoelde opnames aldus uitgegee is, die volgende aansprake verskyn het op 'n etiket of ander drukwerk wat vasgeheg was aan dié opnames, of op of in iets waarin hulle verpak is, te wete-

- (a) dat 'n persoon op die etiket of drukwerk genoem, die outeur van die klankopname is; of
- (b) dat die klankopname die eerste keer in 'n jaar en op 'n plek op die etiket of drukwerk genoem, gepubliseer is;

is bedoelde etiket of drukwerk voldoende bewys van die aldus vermelde feite, behalwe vir sover die teendeel bewys word.

(7A) 'n Aanspraak beoog in paragraaf (a) van subartikel (7) kan gemaak word by wyse van die simbool "C" in samehang met die naam van die betrokke persoon, en 'n aanspraak beoog in paragraaf (b) van genoemde subartikel kan gemaak word by wyse van die simbool "P" in samehang met die betrokke jaar en plek.

(8) .....

(9) In enige verrigtinge uit hoofde van hierdie Hoofstuk met betrekking tot die beweerde skending van die outeursreg in 'n rolprent wat ingevolge die Wet op Registrasie van Outeursreg in Rolprente, 1977 (Wet 62 van 1977), geregistreer is, word daar vermoed-

- (a) dat elke party by daardie verrigtinge kennis gehad het van die besonderhede ingeskryf in die register van outeursreg vermeld in artikel 15 van genoemde Wet vanaf die datum waarop die betrokke aansoek om aantekening van daardie besonderhede ingedien is;

- (b) dat die persoon wat na bewering 'n handeling verrig het wat die betrokke outeursreg skend daardie handeling sonder die vereiste magtiging verrig het, tensy die teendeel bewys word.

(10) In enige verrigtinge uit hoofde van hierdie Hoofstuk met betrekking tot die beweerde skending van die outeursreg in 'n rolprent, 'n klankopname of 'n rekenaarprogram, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat iemand wat handel dryf in die verkoop, verhuur of verspreiding van kopieë van die een of ander van genoemde werke en wat in besit gevind is van 'n kopie van die een of ander van genoemde werke, daardie kopie verkoop of verhuur of vir handelsdoeleindes te koop of verhuur aangebied of uitgestal het.

(11) Indien in enige verrigtinge uit hoofde van hierdie Hoofstuk met betrekking tot die beweerde skending van die outeursreg in 'n werk bewys word dat die persoon wat na bewering 'n handeling verrig het wat na bewering die betrokke outeursreg skend, sodanige handeling sonder die magtiging van die uitsluitende lisensiehouer verrig het, word, tensy die teendeel bewys word, vermoed dat die betrokke handeling ook sonder die magtiging van die eienaar van die betrokke outeursreg verrig is.

(12) (a) In enige verrigtinge uit hoofde van hierdie Hoofstuk met betrekking tot die beweerde skending van die outeursreg in 'n werk, kan getuienis om-

- (i) die bestaan van outeursreg in die werk; of
- (ii) die reg van 'n persoon met betrekking tot dié outeursreg, hetsy by wyse van eiendom of vergunning,

te bewys, by wyse van beëdigde verklaring voorgelê word, en die blote voorlegging van so 'n verklaring in sodanige verrigtinge is *prima facie*-bewys van die relevante feite.

(b) Die hof voor wie 'n beëdigde verklaring bedoel in paragraaf (a) gelê word, kan na goeddunke gelas dat die persoon wat die verklaring afgelê het, gedagvaar word om mondelinge getuienis in die betrokke verrigtinge af te lê, of kan gelas dat skriftelike vrae aan die persoon vir beantwoording voorgelê word, en enige antwoord wat 'n antwoord van dié persoon heet te wees, is insgelyks toelaatbaar as getuienis by sodanige verrigtinge.

[A. 26 gewysig by a. 3 van Wet 66 van 1983, by a. 10 van Wet 52 van 1984 en by a. 3 (1) van Wet 13 van 1988 en vervang by a. 23 van Wet 125 van 1992.]

## **27 Strawwe en gedinge ten opsigte van handeling wat outeursreg skend**

(1) Iemand wat terwyl outeursreg in 'n werk bestaan, sonder die magtiging van die eienaar van die outeursreg artikels wat na sy wete skendende kopieë van die werk is-

- (a) vir verkoop of verhuur vervaardig;
- (b) verkoop of verhuur of vir handelsdoeleindes te koop of te huur aangebied of uitstal;
- (c) vir handelsdoeleindes in die openbaar ten toon stel;
- (d) behalwe vir sy private of huishoudelike gebruik in die Republiek invoer;
- (e) vir handelsdoeleindes versprei; of
- (f) vir enige ander doel in so 'n mate versprei dat die eienaar van die outeursreg daardeur benadeel word,

is aan 'n misdryf skuldig.

[Sub-a. (1) vervang by a. 11 (a) van Wet 52 van 1984 en by a. 3 van Wet 61 van 1989.]

(2) Iemand wat terwyl outeursreg in 'n werk bestaan, 'n plaat maak of in sy besit het wat na sy wete bestem is om vir die vervaardiging van skendende kopieë van die



werk gebruik te word, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Iemand wat 'n letterkundige of musiekwerk in die openbaar laat op- of uitvoer met die wete dat daar outeursreg in die werk bestaan en dat die op- of uitvoering 'n skending van die outeursreg uitmaak, is aan 'n misdryf skuldig.

(4) Iemand wat 'n uitsending in 'n verspreidingsdiens laat heruitsaai of oorsend met die wete dat outeursreg in die uitsending bestaan en dat bedoelde heruitsending of oorsending 'n skending van die outeursreg uitmaak, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) Iemand wat programdraende seine laat versprei deur 'n verspreider vir wie hulle nie bestem is nie met die wete dat outeursreg in die seine bestaan en dat bedoelde verspreiding 'n skending van die outeursreg uitmaak, is aan 'n misdryf skuldig.

(6) Iemand wat weens 'n misdryf ingevolge hierdie artikel skuldig bevind word, is strafbaar-

(a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens vyfduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf, vir elke artikel waarop die misdryf betrekking het;

(b) in enige ander geval, met 'n boete van hoogstens tienduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf, vir elke artikel waarop die misdryf betrekking het.

[Sub-a. (6) vervang by a. 11 (b) van Wet 52 van 1984 en by a. 24 (a) van Wet 125 van 1992.]

(7) .....

[Sub-a. (7) geskrap by a. 24 (b) van Wet 125 van 1992.]

(8) .....

[Sub-a. (8) bygevoeg by a. 11 (c) van Wet 52 van 1984 en geskrap by a. 24 (b) van Wet 125 van 1992.]

## **28 Voorsiening vir beperking op invoer van kopieë**

(1) Die eienaar van die outeursreg in 'n gepubliseerde werk kan aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns (in hierdie artikel "die Kommissaris" genoem) skriftelik kennis gee-

(a) dat hy die eienaar van die outeursreg in die werk is; en

(b) dat hy die Kommissaris versoek om gedurende 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, kopieë van die werk waarop hierdie artikel van toepassing is, as verbode goedere te behandel:

Met dien verstande dat die tydperk in 'n kennisgewing ingevolge hierdie subartikel vermeld, nie tot later strek as die einde van die tydperk waarvoor die outeursreg geld nie: Met dien verstande voorts dat die Kommissaris nie verplig is om ingevolge so 'n kennisgewing op te tree nie tensy die eienaar van die outeursreg aan hom sekuriteit verstrek in die vorm en vir die bedrag wat hy vereis om die nakoming van enige verpligting en die betaling van enige uitgawe te verseker wat hy mag ooploop uit hoofde van die terughou deur hom van 'n kopie van die werk waarop die kennisgewing betrekking het, of as gevolg van enigiets deur hom gedoen met betrekking tot 'n kopie aldus teruggehou.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 25 (a) van Wet 125 van 1992.]

(2) Hierdie artikel geld vir elke kopie van die betrokke werk wat buite die

Republiek vervaardig is en wat, indien dit in die Republiek vervaardig was, 'n skendende kopie van die werk sou wees.

(3) Indien kennis ooreenkomstig hierdie artikel ten opsigte van 'n werk gegee is en nie ingetrek is nie, is dit verbode om te eniger tyd voor die einde van die tydperk in die kennisgewing vermeld, 'n kopie van die werk waarop hierdie artikel van toepassing is, in die Republiek in te voer.

(4) Ondanks die bepalings van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), is niemand aan straf ingevolge daardie Wet (behalwe verbeurdverklaring van die goedere) onderhewig uit hoofde daarvan dat goedere ingevolge hierdie artikel as verbode goedere behandel word nie.

(5) Hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n uitsluitende lisensiehouer wat die reg het om 'n werk wat elders gepubliseer is, in die Republiek in te voer.

[Sub-a. (5) vervang by a. 25 (b) van Wet 125 van 1992.]

[A. 28 vervang by a. 12 van Wet 52 van 1984.]

### HOOFSTUK 3

#### OUTEURSREGHOF (aa 29-36)

#### 29 Instelling van Outeursreghof

(1) Die regter of waarnemende regter wat van tyd tot tyd kragtens artikel 8 van die Wet op Patente, 1978, as Kommissaris van Patente aangewys word, is ook die Outeursreghof (in hierdie Hoofstuk die Outeursreghof genoem) vir die doeleindes van hierdie Wet.

(2) Die Outeursreghof kan gelas dat die koste of uitgawes van enige verrigtinge voor hom wat deur 'n party aangegaan word, deur enige ander party betaal moet word, en kan die bedrag van enige koste of uitgawes takseer of vasstel wat ingevolge so 'n bevel betaal moet word of bepaal op watter wyse dit getakseer moet word.

(3) (a) Regulasies kan voorgeskryf word aangaande die prosedure in verband met verwysings na, en aansoeke by, die Outeursreghof en vir die reëling van die verrigtinge voor die Outeursreghof en aangaande die gelde ten opsigte van sodanige verrigtinge vorderbaar.

(b) Sodanige regulasies kan met betrekking tot verrigtinge voor die Outeursreghof enige van die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), of in die alternatief enige van die bepalings wat ingevolge die Wet op Patente, 1978, in die hof van die Kommissaris van Patente geld, toepas.

(c) Sodanige regulasies kan voorsiening bevat-

- (i) waarby vereis word dat aan die Outeursreghof en aan die ander partye by die verrigtinge van enige voorgenome aansoek by die hof ingevolge artikel 36 kennis gegee word;
- (ii) waarby die toepassing van bevel van die Outeursreghof opgeskort word of die Outeursreghof gemagtig of verplig word om dit op te skort in gevalle waar daar, nadat die Outeursreghof 'n beslissing gegee het, 'n aansoek ingevolge artikel 36 by 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof aangeteken word;
- (iii) om die toepassing van enige bepalings van hierdie Hoofstuk wat betref die uitwerking van bevel daarkragtens gegee, te wysig in die geval van bevel van die Outeursreghof waarvan die toepassing opgeskort word;

- (iv) vir die publikasie van kennisgewings of die doen van ander stappe ten einde te verseker dat persone wat deur die opskorting van 'n bevel van die Outeursreghof geraak word, van die opskorting in kennis gestel word;
- (v) om enige ander aangeleentheid wat bykomstig is by of ontstaan uit 'n versoek, aansoek, bevel of beslissing ingevolge artikel 36 te reël of voor te skryf.

(4) Sonder afbreuk aan enige regtens beskikbare metode om bevel van die Outeursreghof te bewys, is 'n dokument wat 'n afskrif van so 'n bevel heet te wees en deur die Registrateur as 'n ware afskrif daarvan gesertifiseer heet te wees, by enige regsgeding voldoende bewys van die bevel tensy die teendeel bewys word.

(5) Die Registrateur tree as die griffier van die Outeursreghof op.

(6) 'n Verwysing in hierdie Hoofstuk na die verlening van 'n geleentheid aan iemand om sy saak voor te dra, word uitgelê as 'n verwysing na die verlening aan hom van die geleentheid om sowel skriftelike vertoë voor te lê as om aangehoor te word.

[Sub-a. (6) bygevoeg by a. 26 (b) van Wet 125 van 1992.]

### **30 Algemene bepalinge met betrekking tot jurisdiksie van Outeursreghof**

Behoudens die bepalinge van hierdie Hoofstuk is die werksaamhede van die Outeursreghof om-

(a) óf by verwysing van 'n lisensieskema na die Outeursreghof;

(b) óf op aansoek van iemand wat 'n lisensie verlang, hetsy ingevolge 'n

lisensieskema of in 'n geval wat nie deur 'n lisensieskema gedek word nie, geskille te besleg wat ontstaan tussen lisensiegewende liggame, of ander persone van wie lisensies vereis word en persone wat lisensies vereis of organisasies wat na bewering sodanige persone verteenwoordig.

[A. 30 vervang by a. 27 van Wet 125 van 1992.]

### **31 Verwysing van lisensieskemas na Outeursreghof**

(1) Indien daar te eniger tyd terwyl 'n lisensieskema in werking is, 'n geskil met betrekking tot die skema ontstaan tussen die lisensiegewende liggaam wat die skema beheer en-

(a) 'n organisasie wat beweer dat hy persone verteenwoordig wat lisensies verlang in gevalle binne 'n kategorie waarop die skema van toepassing is; of

(b) iemand wat beweer dat hy 'n lisensie verlang in 'n geval binne 'n kategorie waarop die skema van toepassing is,

kan die betrokke organisasie of persoon die skema, vir sover dit gevalle binne daardie kategorie dek, na die Outeursreghof verwys.

(2) Die partye by 'n verwysing ingevolge hierdie artikel is-

(a) die organisasie of persoon op wie se versoek die verwysing geskied;

(b) die lisensiegewende liggaam in beheer van die skema waarop die verwysing betrekking het; en

(c) die ander organisasies of persone (as daar is) wat by die Outeursreghof aansoek doen om as partye by die verwysing gevoeg te word en wat ooreenkomstig subartikel (3) as partye daarby gevoeg word.

(3) Indien 'n organisasie (ongeach of hy beweer dat hy persone verteenwoordig wat lisensies verlang al dan nie) of 'n persoon (ongeach of hy 'n lisensie verlang al dan nie) by die Outeursreghof aansoek doen om as 'n party by 'n verwysing gevoeg te word, en die

Outeursreghof oortuig is dat dié organisasie of persoon 'n wesenlike belang by die geskilpunt het, kan die Outeursreghof na goeëdunke verlof verleen dat die organisasie of persoon as 'n party by die verwysing gevoeg word.

(4) Die Outeursreghof oorweeg nie 'n verwysing ingevolge hierdie artikel deur 'n organisasie nie tensy die Outeursreghof oortuig is dat die organisasie redelikerwys verteenwoordigend is van die klas persone wat hy na bewering heet te verteenwoordig.

(5) Die Outeursreghof moet, behoudens die bepalings van subartikel (4), by 'n verwysing ingevolge hierdie artikel, die geskilpunt oorweeg en nadat hy aan die partye by die verwysing die geleentheid gegee het om hul onderskeie sake te stel, so 'n bevel gee waarby die skema òf bekragtig òf gewysig word vir sover dit betrekking het op gevalle binne die kategorie waarop die verwysing betrekking het, as wat die Outeursreghof in die omstandighede redelik ag.

(6) 'n Bevel van die Outeursreghof ingevolge hierdie artikel kan ondanks enigiets vervat in die lisensieskema waarop die bevel betrekking het, op so 'n wyse gegee word dat dit òf vir 'n onbepaalde tyd òf vir 'n tydperk wat die Outeursreghof vasstel van krag bly.

(7) Waar die Outeursreghof 'n bevel gegee het met betrekking tot 'n lisensieskema wat na hom verwys is, bly dié skema, ondanks andersluidende bepalings daarin vervat, vir sover dit betrekking het op gevalle binne die kategorie ten opsigte waarvan die bevel gegee is, daarna van krag onderworpe aan die bepalings van die bevel: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie met betrekking tot 'n verwysing van toepassing is ten opsigte van enige tydperk nadat die verwysing teruggetrek of ingevolge subartikel (4) van die hand gewys is nie.

### **32 Verdere verwysing van skema na Outeursreghof**

(1) Waar die Outeursreghof ingevolge artikel 31 'n bevel ten opsigte van 'n lisensieskema gegee het, kan-

- (a) die lisensiegewende liggaam wat die skema beheer;
- (b) 'n organisasie wat volgens sy bewering persone verteenwoordig wat lisensies verlang in gevalle binne die kategorie waarop die bevel van toepassing is; of
- (c) iemand wat beweer dat hy 'n lisensie in 'n geval binne daardie kategorie verlang,

behoudens die bepalings van subartikel (2), die skema te eniger tyd terwyl die bevel van krag is, weer na die Outeursreghof verwys vir sover dit betrekking het op gevalle binne die kategorie waarvoor die bevel geld.

(2) 'n Lisensieskema word nie sonder spesiale verlof van die Outeursreghof weer ingevolge subartikel (1) na die Outeursreghof verwys nie-

- (a) waar die betrokke bevel op so 'n wyse gegee is dat dit vir 'n onbepaalde tyd of vir 'n langer tydperk as vyftien maande sal geld, voor die verstryking van 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum waarop die bevel gegee is; of
- (b) waar dié bevel op so 'n wyse gegee is dat dit vir 'n tydperk van hoogstens vyftien maande sal geld, te eniger tyd meer as drie maande voor die datum waarop die bevel verstryk.

(3) Die bepalings van artikel 31 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n verwysing ingevolge hierdie artikel of 'n bevel in verband daarmee gegee, en die

Outeursreghof is bevoeg om by so 'n verwysing die bevel te gee wat hy regverdig ag.

### **33 Aansoek aan Outeursreghof**

(1) By die toepassing van hierdie Hoofstuk word 'n geval geag deur 'n lisensieskema gedek te wees indien daar volgens 'n lisensieskema wat dan in werking is, lisensies verleen sou word in gevalle binne die kategorie waartoe daardie geval behoort: Met dien verstande dat indien volgens die bepalings van 'n lisensieskema-

- (a) die lisensies wat aldus verleen sou word, onderworpe sou wees aan bedinge en voorwaardes waardeur bepaalde aangeleenthede van die lisensies uitgesonder sou wees; en
- (b) die betrokke geval betrekking het op een of meer van die aangeleenthede wat binne so 'n uitsondering val,

daardie geval geag word nie deur die skema gedek te wees nie.

(2) Iemand wat beweer dat die lisensiegewende liggaam wat 'n lisensieskema beheer, in 'n geval deur die lisensieskema gedek, geweier of versuim het om 'n lisensie volgens die bepalings van die skema aan hom te verleen of die verlening van so 'n lisensie aan hom te verkry, kan by die Outeursreghof om 'n bevel ingevolge hierdie artikel aansoek doen.

(3) 'n Aansoek om so 'n bevel kan ook gedoen word deur iemand wat beweer dat hy 'n lisensie verlang in 'n geval wat nie deur 'n lisensieskema gedek word nie, en-

- (a) òf dat 'n lisensiegewende liggaam of persoon geweier of versuim het om die lisensie te verleen of die verlening daarvan te verkry, en dat dit in die omstandighede onredelik sou wees om die lisensie nie te verleen nie;
- (b) òf dat enige gelde, bedinge of voorwaardes waarop 'n lisensiegewende liggaam die verlening van 'n lisensie voorstel, onredelik is.

(4) Waar 'n organisasie (ongeach of hy beweer dat hy persone wat lisensies verlang, verteenwoordig al dan nie) of 'n persoon (ongeach of hy 'n lisensie verlang al dan nie) by die Outeursreghof aansoek doen om as 'n party by 'n aansoek ingevolge subartikel (2) of (3) gevoeg te word, en die Outeursreghof oortuig is dat die organisasie of persoon 'n wesenlike belang by die geskilpunt het, kan die Outeursreghof na goeë dunnke gelas dat daardie organisasie of persoon as 'n party by die aansoek gevoeg word.

(5) By 'n aansoek ingevolge subartikel (2) of (3) moet die Outeursreghof aan die aansoeker en die betrokke lisensiegewende liggaam, en elke ander party by die aansoek, die geleentheid gee om sy saak te stel, en indien die Outeursreghof bevind dat die aansoeker se eis gegrond is, gee die Outeursreghof 'n bevel waarby verklaar word dat die aansoeker ten opsigte van die aangeleenthede in die bevel vermeld, geregtig is op 'n lisensie op die bedinge en voorwaardes en onderworpe aan betaling van die gelde (as daar is) wat-

- (a) in die geval van 'n aansoek ingevolge subartikel (2), na die Outeursreghof se bevinding volgens die lisensieskema toepaslik is; of
- (b) in die geval van 'n aansoek ingevolge subartikel (3), na die Outeursreghof se bevinding in die omstandighede redelik is.

(6) 'n Verwysing in hierdie artikel na versuim om 'n lisensie te verleen of die verlening daarvan te verkry, word ook uitgelê as 'n verwysing na versuim om binne redelike tyd nadat dit aangevra is, die lisensie te verleen of die verlening daarvan te verkry.

### **34 Verspreidingsdiens**

By 'n geskil betreffende die oorsending van uitsendings in 'n verspreidingsdiens in die Republiek, moet die Outeursreghof enige eis kragtens hierdie Wet vir sover die lisensies van die betrokke uitsender vir sodanige oorsending in 'n verspreidingsdiens voorsiening maak of dit insluit, verwerp.

[A. 34 vervang by a. 57 van Wet 38 van 1997.]

### **35 Uitwerking van bevel van Outeursreghof en aanvullende bepaling in verband daarmee**

(1) Iemand wat voldoen aan die voorwaardes verbode aan 'n bevel ingevolge hierdie Hoofstuk deur die Outeursreghof gegee of wat 'n bevredigende versekering aan die eienaar of toekomstige eienaar van die outeursreg gegee het om aan bedoelde voorwaardes te voldoen, word geag die houer van 'n lisensie ingevolge hierdie Wet te wees.

(2) By die uitoefening van sy bevoegdheid ten opsigte van lisensies met betrekking tot televisie-uitsendings, hou die Outeursreghof onder meer rekening met alle voorwaardes opgelê deur die promotors van 'n vermaaklikheid of ander gebeurtenis wat in die uitsendings opgeneem gaan word, en in besonder word die weierings of versuim om 'n lisensie te verleen, nie deur die Outeursreghof onredelik geag nie indien die verlening daarvan nie met daardie voorwaardes bestaanbaar sou gewees het nie.

### **36 Appèlle**

(1) Enige party by verrigtinge voor die Outeursreghof kan teen 'n bevel of beslissing van die Outeursreghof ingevolge daardie verrigtinge appelleer.

(2) Elke appèl word aangeteken en voortgesit op die wyse by wet voorgeskryf vir appèlle teen 'n siviele bevel of beslissing van 'n enkele regter, en artikels 20 en 21 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959), is *mutatis mutandis* van toepassing.

(3) (a) Die hof kan met betrekking tot so 'n appèl-

(a) die bevel of beslissing waarteen geappelleer word, bekragtig, wysig of tersyde stel, na gelang die hof billik ag;

(b) indien die oorkonde nie genoegsame getuienis of inligting vir die beslissing van die appèl verskaf nie, die aangeleentheid na die Outeursreghof terugverwys met opdragte betreffende die afneem van verdere getuienis of die uiteensit van verdere inligting;

(c) enige ander weg inslaan wat na mening van die hof billik is en sal lei tot die spoedige en sover moontlik goedkoop beslegting van die saak; en

(d) die bevel aangaande koste uitreik wat die hof billik ag.

[A. 36 vervang by a. 28 van Wet 125 van 1992.]

## **HOOFSTUK 4**

### **UITBREIDING OF BEPERKING VAN TOEPASSING VAN WET (aa 37-38)**

#### **37 Toepassing van Wet op lande wat nie daaronder val nie**

(1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat enige in die kennisgewing vermelde bepaling van hierdie Wet in die geval van 'n aldus vermelde land van toepassing is-

(a) met betrekking tot letterkundige, musiek of artistieke werke, rekenaarprogramme, rolprente, klankopnames en gepubliseerde uitgawes vir die eerste keer gepubliseer in daardie land, net soos dit van toepassing is met betrekking tot letterkundige, musiek-of artistieke werke, rekenaarprogramme, rolprente, klankopnames en gepubliseerde uitgawes

vir die eerste keer gepubliseer in die Republiek;

[Par. (a) vervang by a. 13 van Wet 52 van 1984 en by a. 29 (a) van Wet 125 van 1992.]

- (b) met betrekking tot persone wat op 'n ter sake dienende tydstip burgers of onderdane van daardie land is, net soos dit van toepassing is met betrekking tot persone wat op so 'n tydstip Suid-Afrikaanse burgers is;
- (c) met betrekking tot persone wat op 'n ter sake dienende tydstip in daardie land gedomisilieer of woonagtig is, net soos dit van toepassing is met betrekking tot persone wat op so 'n tydstip in die Republiek gedomisilieer of woonagtig is;
- (d) met betrekking tot liggame wat ingevolge die wette van daardie land met regspersoonlikheid bekleed is, net soos dit van toepassing is met betrekking tot liggame wat ingevolge die wette van die Republiek met regspersoonlikheid bekleed is;
- (e) met betrekking tot uitsendings gedoen en programdraende seine uitgesend na 'n satelliet vanaf plekke in daardie land net soos dit van toepassing is met betrekking tot uitsendings gedoen en programdraende seine uitgesend na 'n satelliet van 'n plek in die Republiek.

[Par. (e) vervang by a. 29 (b) van Wet 125 van 1992.]

(2) 'n Kennisgewing ingevolge hierdie artikel kan bepaal-

- (a) dat enige daarin vermelde bepalings van toepassing is onderworpe aan die uitsonderings of wysigings in die kennisgewing vermeld;
- (b) dat bedoelde bepalings aldus van toepassing is òf in die algemeen òf met betrekking tot werke binne die kategorie of tot die klasse van gevalle wat aldus vermeld word.

(3) Geen kennisgewing word ingevolge hierdie artikel uitgevaardig nie ten opsigte van 'n land wat nie 'n party is by 'n konvensie met betrekking tot outeursreg waarby die Republiek ook 'n party is nie, tensy die Minister oortuig is dat daar ten opsigte van die werke binne die kategorieë waarop die kennisgewing betrekking het, voorsiening ingevolge die wette van daardie land bestaan of gemaak sal word waardeur voldoende beskerming aan eienaars van outeursreg ingevolge hierdie Wet verleen sal word.

**38** .....

[A. 38 herroep by a. 30 van Wet 125 van 1992.]

## **HOOFSTUK 5**

### **GEMENGDE BEPALINGS (aa 39-47)**

#### **39** **Regulasies**

Die Minister kan regulasies uitvaardig-

- (a) met betrekking tot enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word;
- (b) in oorleg met die Minister van Finansies, wat die skaal van gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van verrigtinge in die Outeursreghof in artikel 29 (1) bedoel;
- (c) in oorleg met die Minister van Finansies, wat die vergoeding en toelae van lede van die advieskomitee in artikel 40 bedoel, en van sy subkomitees, en die voorwaardes waarop sodanige lede aangestel word, voorskryf; en
- (cA) in oorleg met die Minister van Finansies, wat voorsiening maak vir die instelling, samestelling, befondsing en funksies van die

insamelingsverenigings in artikel 9A bedoel, en enige ander aangeleentheid wat nodig of doenlik mag wees om die behoorlike funksionering van sodanige verenigings te reguleer;

[Par. (cA) ingevoeg by a. 4 van Wet 9 van 2002.]

- (d) oor die algemeen, betreffende enige aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

[Datum van inwerkingtreding: 30 Junie 1978.]

#### **40 Advieskomitee**

(1) (a) Die Minister stel 'n advieskomitee aan, wat bestaan uit 'n regter of 'n senior advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika as voorsitter en die *ex officio*- en ander lede wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

[Par. (a) vervang by a. 4 (a) van Wet 61 van 1989.]

(b) 'n Lid van die advieskomitee beklee sy amp vir die tydperk wat die Minister bepaal en kan by verstryking van sy ampstermyn heraangestel word.

(2) Die advieskomitee het met betrekking tot getuies en hul getuienis die bevoegdhede van 'n kommissie ingevolge die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947).

(3) Die advieskomitee kan van tyd tot tyd aanbevelings aan die Minister aangaande wysigings aan hierdie Wet asook aan die Wet op Handelsmerke, 1963 (Wet 62 van 1963), die Wet op Modelle, 1967 (Wet 57 van 1967), en die Wet op Patente, 1978 (Wet 57 van 1978), doen en adviseer die Minister oor enige aangeleentheid wat deur die Minister na hom verwys word.

[Sub-a. (3) vervang by a. 4 (b) van Wet 61 van 1989.]

(4) (a) Die advieskomitee kan subkomitees saamstel en in stand hou.

[Par. (a) vervang by a. 4 (c) van Wet 61 van 1989.]

(b) Die advieskomitee stel as lede van die subkomitees die lede van die advieskomitee en die ander persone aan, en vir die ampstermyne, wat die advieskomitee van tyd tot tyd bepaal.

(5) Die advieskomitee kan die hulp inroep van enigiemand wat hy nodig ag om hom by te staan met, of aangeleenthede te ondersoek betreffende, die werksaamhede bedoel in subartikel (3).

[Sub-a. (5) vervang by a. 4 (d) van Wet 61 van 1989.]

(6) Die Registrateur is verantwoordelik vir die administrasie van die advieskomitee en die subkomitees.

[Datum van inwerkingtreding: 30 Junie 1978.]

#### **41 Voorbehoude**

(1) Geen bepaling van hierdie Wet raak 'n reg of privilegie van die Staat of iemand anders ingevolge 'n wetsbepaling wat nie uitdruklik deur hierdie Wet herroep, gewysig of verander word nie.

[Sub-a. (1) vervang by a. 31 (a) van Wet 125 van 1992.]

(2) Geen bepaling van hierdie Wet raak die reg van die staat of van iemand wat sy titel van die staat verkry, om artikels wat ingevolge die wetsbepalings op doeane en aksyns verbeur is, met inbegrip van 'n artikel wat verbeur is uit hoofde van hierdie Wet of van 'n bepaling deur hierdie Wet herroep, te verkoop, te gebruik of andersins daarmee te handel nie.

(3) Die bepalinge van hierdie Wet doen nie afbreuk aan enige regsreël met



betrekking tot vertroulike of geprivilegieerde inligting, onregmatige mededinging of persoonlikheidsregte nie.

[Sub-a. (3) vervang by a. 31 (b) van Wet 125 van 1992.]

(4) Behoudens die voorgaande bepalings van hierdie artikel, bestaan geen outeursreg of reg van die aard van outeursreg anders as uit hoofde van hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling daaromtrent nie.

**42** .....

[A. 42 herroep by a. 32 van Wet 125 van 1992.]

### **43 Toepassing op werk voor inwerkingtreding van Wet vervaardig**

Hierdie Wet is van toepassing met betrekking tot werke voor die inwerkingtreding van hierdie Wet vervaardig, net soos dit van toepassing is met betrekking tot werke daarna vervaardig: Met dien verstande dat-

- (a) geen bepaling in hierdie Wet-
  - (i) behoudens paragraaf (d), die eiendomsreg, termyn of bestaan raak van enige outeursreg wat ingevolge die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet 63 van 1965), voortbestaan nie; of
  - (ii) behoudens paragraaf (c), so uitgelê word dat outeursreg geskep word in 'n soort werk waarin outeursreg nie voor 11 September 1965 kon bestaan het nie;

[Par. (a) gewysig by a. 14 (a) van Wet 52 van 1984 en vervang by a. 33 (a) van Wet 125 van 1992.]

(b) .....

[Par. (b) geskrap by a. 14 (b) van Wet 52 van 1984.]

- (c) die outeursreg in 'n rolprent voor die inwerkingtreding van hierdie Wet vervaardig, deur die relevante bepalings van hierdie Wet gereël word, onderworpe aan die voorbehoud, in die geval van 'n rolprent wat as 'n oorspronklike dramatiese werk ingevolge artikel 35 van die Derde Bylae by die "Wet op Modellen, 1916" (Wet 9 van 1916), behandel word-
  - (i) dat die eienaar van die outeursreg, indien aangesê, die persoon moet vergoed wat die eienaar van 'n outeursreg in daardie oorspronklike dramatiese werk vir die doeleindes van daardie Wet is, welke vergoeding, by ontstentenis van ooreenkoms, by arbitrasie bepaal word; en
  - (ii) dat die eienaar van die outeursreg in die rolprent of 'n persoon wat regte ten opsigte van die rolprent van die eienaar verkry het, wanneer hy daardie regte in die rolprent uitoefen, geag word nie enige regte in sodanige oorspronklike dramatiese werk kragtens genoemde Wet te skend nie; en
  - (iii) dat 'n handeling verrig uit hoofde van 'n lisensie toegestaan deur die eienaar van die outeursreg in 'n oorspronklike dramatiese werk kragtens daardie Wet en wat bestaan voor of ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie subartikel, geag word verrig te word of verrig te gewees het met die magtiging van die eienaar van die outeursreg in die rolprent.

[Par. (c) vervang by a. 33 (b) van Wet 125 van 1992.]

- (d) by die bepaling van die termyn van outeursreg beoog in die

voorbehoudsbepaling by artikel 3 (2) (a) in die geval van 'n werk ten opsigte waarvan die outeursreg by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Outeursreg, 1984, verval het op grond daarvan dat die tydperk vermeld in genoemde paragraaf verstryk het, daar geag word dat, behoudens enige regte deur enigiemand verkry na verstryking van daardie tydperk en voor genoemde inwerkingtreding, die outeursreg nie op daardie grond verval het nie.

[Par. (d) bygevoeg by a. 14 (c) van Wet 52 van 1984.]

#### **44 Tydstip waarop werk vervaardig word**

(1) By die toepassing van hierdie Wet word 'n werk, behalwe 'n uitsending of programdraende sein, geag vervaardig te gewees het toe dit vir die eerste keer op skrif gestel is of opgeneem of andersins tot stoflike vorm herlei is.

(2) 'n Uitsending word geag vervaardig te gewees het toe dit vir die eerste keer uitgesaai is.

(3) 'n Programdraende sein word geag vervaardig te gewees het toe dit vir die eerste keer deur 'n satelliet oorgesein is.

[A. 44 vervang by a. 34 van Wet 125 van 1992.]

#### **45 Reëling en beheer van verspreiding, voordrag of vertoning van werke**

(1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet kan die Minister die regulasies uitvaardig wat hy nodig ag met betrekking tot die verspreiding, voordrag of vertoning van enige werk of produksie.

(2) Sodanige regulasies kan aan 'n daarin vermelde persoon die bevoegdheid verleen om die verspreiding, voordrag of vertoning van so 'n werk of produksie te verbied of om die verspreiding, voordrag of vertoning daarvan te magtig op die voorwaardes in daardie regulasies uiteengesit.

(3) Die verspreiding, voordrag of vertoning van 'n werk of produksie ingevolge magtiging kragtens sodanige regulasies verleen, maak nie 'n skending van die outeursreg in sodanige werk of produksie uit nie, maar die outeur word nie daardeur sy reg op 'n redelike vergoeding, wat by ontstentenis van ooreenkoms by arbitrasie bepaal word, ontnem nie.

[Datum van inwerkingtreding sal geproklameer word.]

#### **46 Herroeping van wette**

Die wette in die Bylae vermeld, word hierby in die mate herroep wat in die derde kolom van die Bylae aangedui word: Met dien verstande dat 'n proklamasie, regulasie of reël wat ingevolge 'n aldus herroepe bepaling uitgevaardig is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, na bedoelde inwerkingtreding van krag bly en herroep, gewysig of verander kan word asof dit ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is.

#### **47 Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie Wet heet die Wet op Outeursreg, 1978, en tree in werking op 1 Januarie 1979, behalwe artikels 1, 39 en 40, wat in werking tree by afkondiging van hierdie Wet in die *Staatskoerant*, en artikel 45, wat in werking tree op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

#### **Bylae**

No en jaar van Wet	Titel	In hoeverre herroep
Wet 63 van 1965	Wet op Outeursreg, 1965	Die geheel, behalwe artikel 46
Wet 56 van 1967	Wysigingswet op Outeursreg, 1967	Die geheel

Wet 75 van 1972  
Wet 64 van 1975

Wysigingswet op Outeursreg, 1972  
Wysigingswet op Outeursreg, 1975

Die geheel  
Die geheel

### **WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 56 VAN 1980**

[GOEDGEKEUR OP 5 MEI 1980]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 23 MEI 1980]

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)*

#### **WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde te bepaal dat oorspronklikheid 'n vereiste vir outeursreg in elke werk is; sekere bepalings wat op 'n werk van toepassing is, ook op 'n wesenslike deel van dié werk van toepassing te maak; 'n verspreidingsdiens nader te omskryf vir sekere doeleindes; die omstandighede waaronder die reproduksie van 'n werk toelaatbaar is, nader te omskryf; eiendomsreg op outeursreg te bepaal; en sekere teksveranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**1** Wysig artikel 1 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (2A) in te voeg.

**2** Wysig artikel 2 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) vervang subartikel (2).

**3** Wysig artikel 6 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) vervang paragraaf (e).

**4** Wysig artikel 7 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) vervang paragraaf (d).

**5** Wysig artikel 8 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) vervang paragraaf (d).

**6** Vervang artikel 9 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**7** Wysig artikel 10 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, te vervang.

**8 en 9** Vervang onderskeidelik artikels 13 en 21 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

#### **10 Kort titel**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1980.

### **WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 66 VAN 1983**

[GOEDGEKEUR OP 20 MEI 1983]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 17 OKTOBER 1983]

(Tensy anders vermeld)

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)*

#### **WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, met betrekking tot sekere woordomsrywings; ten einde outeursreg in sekere artistieke werke waarvan driedimensionele reproduksies aan die publiek beskikbaar gestel is, te beperk; die bewys van sekere feite in gedinge uit hoofde van sekere bepalings van genoemde Wet ingestel, te vergemaklik; verdere voorsiening te maak vir die reëling en beheer van die verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning van werke sonder die toestemming van die eienaar van die outeursreg; en voorsiening te maak vir die reëling en beheer van die reproduksie of aanwending van sekere artistieke werke sonder die toestemming van die eienaar van die outeursreg; en om vir bykomstige**

### **aangeleenthede voorsiening te maak.**

**1** Wysig artikel 1 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang paragraaf (c) van die omskrywing van "artistieke werk"; paragraaf (b) vervang die omskrywing van "Minister"; paragraaf (c) voeg paragraaf (c) by die omskrywing van "reproduksie"; en paragraaf (d) vervang die omskrywing van "tekening".

**2** Wysig artikel 15 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (3A) in te voeg.

**3** Wysig artikel 26 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (8) by te voeg.

### **4 Vervanging van artikel 45 van Wet 98 van 1978**

Artikel 45 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

#### **"45 Reëling en beheer van verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning van werke**

(1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet kan die Minister die regulasies uitvaardig wat hy nodig ag met betrekking tot die verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning van enige werk.

(2) Sodanige regulasies kan aan 'n daarin vermelde persoon die bevoegdheid verleen om die verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning van so 'n werk te verbied of om die verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning daarvan te magtig op die voorwaardes in daardie regulasies uiteengesit.

(3) Die verspreiding, opvoering, uitvoering of vertoning van 'n werk ingevolge magtiging kragtens sodanige regulasies verleen, maak nie 'n skending van die outeursreg in sodanige werk uit nie, maar die eienaar van die outeursreg word nie daardeur enige reg wat hy mag gehad het om 'n redelike vergoeding te verkry, wat by ontstentenis van ooreenkoms by arbitrasie bepaal word, ontnem nie."

[Datum van inwerkingtreding van a. 4: sal geproklameer word.]

### **5 Invoeging van artikel 45A in Wet 98 van 1978**

Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 45 ingevoeg:

#### **"45A Reëling en beheer van die reprodusering of aanwending van artistieke werke**

(1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet kan die Minister regulasies uitvaardig wat hy nodig ag met betrekking tot die reprodusering of aanwending, of die beskikbaarstelling aan die publiek van reproduksies of aanwendings, van enige artistieke werk.

(2) Sodanige regulasies kan aan 'n daarin vermelde persoon die bevoegdheid verleen om die reprodusering of aanwending, of die beskikbaarstelling aan die publiek van reproduksies of aanwendings, van enige artistieke werk op die voorwaardes in daardie regulasies uiteengesit, te magtig.

(3) Die reprodusering of aanwending, of die beskikbaarstelling aan die publiek van reproduksies of aanwendings, van enige artistieke werk ingevolge magtiging kragtens sodanige regulasies verleen, maak nie 'n skending van die outeursreg in sodanige werk uit nie, maar die eienaar van die outeursreg word nie daardeur enige reg wat hy mag gehad het om 'n redelike vergoeding te verkry, wat by ontstentenis van ooreenkoms by arbitrasie bepaal word,

ontneem nie."

[Datum van inwerkingtreding van a. 5: sal geproklameer word.]

## **6 Kort titel en inwerkingtreding**

(1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1983, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

## **WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 52 VAN 1984**

[GOEDGEKEUR OP 30 MAART 1984]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 22 JUNIE 1984]

(Tensy anders vermeld)

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken*)

### **WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde voorsiening te maak vir outeursreg in gepubliseerde uitgawes; die termyn van outeursreg in sekere ongepubliseerde werke te verleng; die aard van outeursreg in rolprente en klankopnames nader te omskryf; sekere vermoedens te skep ten opsigte van die bewys van skendings van outeursreg in rolprente; sekere nuwe misdrywe te skep; en voorsiening te maak vir verhoogde strawwe; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

**1** Wysig artikel 1 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) voeg die omskrywing van "gepubliseerde uitgawe" in; paragraaf (b) voeg paragraaf (g) by die omskrywing van "outeur"; en paragraaf (c) vervang paragraaf (a) van die omskrywing van "skendende kopie".

**2** Wysig artikel 2 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (h) by te voeg.

**3** Wysig artikel 3 (2) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) voeg die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a); en paragraaf (b) voeg paragraaf (f) by.

**4** Wysig artikel 4 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) skrap die woord "of" aan die end van paragraaf (c); en paragraaf (b) voeg paragraaf (e) by.

**5** Wysig artikel 5 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (4) te vervang.

**6** Wysig artikel 8 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (g) by te voeg.

**7** Wysig artikel 9 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (b) te vervang.

[Datum van inwerkingtreding van a. 7: 1 April 1989.]

**8 en 9** Voeg onderskeidelik artikels 11A en 19A in die Wet op Outeursreg 98 van 1978 in.

**10** Wysig artikel 26 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikels (9) en (10) by te voeg.

**11** Wysig artikel 27 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1); paragraaf (b) vervang subartikel (6); en paragraaf (c) voeg subartikel (8) by.

**12** Vervang artikel 28 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**13** Wysig artikel 37 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (a) te

vervang.

**14** Wysig artikel 43 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang in paragraaf (a) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan; paragraaf (b) skrap paragraaf (b); en paragraaf (c) voeg paragraaf (d) by.

**15 Kort titel en inwerkingtreding**

(1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1984, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalinge van hierdie Wet bepaal word.

**WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 39 VAN 1986**

[GOEDGEKEUR OP 9 APRIL 1986]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 23 APRIL 1986]

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

**WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde te bepaal dat die uitsluitende lisensiehouer en die uitsluitende sublisensiehouer dieselfde reg van aksie het en op dieselfde regsmiddels as die eienaar van die outeursreg geregtig is; en om te bepaal dat hul reg van aksie en regsmiddels samevallend met dié van daardie eienaar is.**

**1** Vervang artikel 25 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**2 Kort titel**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1986.

**WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 13 VAN 1988**

[GOEDGEKEUR OP 14 MAART 1988]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 23 MAART 1988]

(Tensy anders vermeld)

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)

**WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde die benaming van die betrokke Minister te verander; die beskerming wat vir 10 jaar verleen word ten opsigte van outeursreg in sekere artistieke werke waarvan gemagtigde reproduksies gemaak is, af te skaf; en die vermoedens vir bewys van 'n skending van outeursreg in sodanige werke te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**1** Wysig artikel 1 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur die omskrywing van "Minister" te vervang.

**2** (1) Wysig artikel 15 (3A) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) skrap paragraaf (a) (i); en paragraaf (b) skrap paragraaf (b).

(2) Subartikel (1) word geag op 25 September 1987 in werking te getree het.

**3** (1) Wysig artikel 26 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (8) te skrap.

(2) Subartikel (1) word geag op 25 September 1987 in werking te getree het.

**4 Kort titel**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1988.

**WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 61 VAN 1989**

[GOEDGEKEUR OP 17 MEI 1989]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 APRIL 1989]

(Tensy anders vermeld)

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)

**WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde voorsiening te maak in verband met invoer, verkoop en verspreiding met betrekking tot die aard van outeursreg in rolprente en klankopnames; te bepaal dat sekere skendende handeling ten opsigte van sekere rolprente nie langer 'n oortreding is nie; en die advieskomitee se werksaamhede uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

1 Wysig artikel 8 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (g) te vervang.

2 Wysig artikel 9 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (b) te vervang.

3 Wysig artikel 27 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (1) te vervang.

4 Wysig artikel 40 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1) (a); paragraaf (b) vervang subartikel (3); paragraaf (c) vervang subartikel (4) (a); en paragraaf (d) vervang subartikel (5).

[Datum van inwerkingtreding van a. 4: 1 Augustus 1989.]

#### **5 Kort titel en inwerkingtreding**

(1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1989, en word, behoudens die bepalings van subartikel (2), geag op 1 April 1989 in werking te getree het.

(2) Artikel 4 tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

### **WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 125 VAN 1992**

[GOEDGEKEUR OP 2 JULIE 1992]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 10 JULIE 1992]

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken*)

#### **WET**

**Om die Wet op Outeursreg, 1978, te wysig, ten einde sekere omskrywings te wysig, te skrap of in te voeg; voorsiening te maak dat rekenaarprogramme as 'n afsonderlike kategorie werk vir outeursreg in aanmerking kom; verder voorsiening te maak vir die voorwaardes waaraan voldoen moet word alvorens werke vir outeursreg in aanmerking kom; outeursreg in uitsendings en programdraende seine verder te reël; verder voorsiening te maak vir die beskerming van die morele regte van die outeur van 'n werk; verder voorsiening te maak vir optrede teen skending van outeursreg, en vir regsmiddels beskikbaar by sodanige skending; verdere voorsiening te maak vir vermoedens by verrigtinge betreffende skending van outeursregte; strawwe vir skendings van outeursreg verder voor te skryf; verdere voorsiening te maak vir beslaglegging op skendende kopieë wat ingevoer word; die prosedure betreffende aansoeke by die Outeursreghof verder te reël; die jurisdiksie van die Outeursreghof betreffende die uitreiking van lisensies uit te brei; en voorsiening te maak vir appëlle teen uitsprake van die Outeursreghof; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

1 Wysig artikel 1 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) voeg paragraaf (d) by die omskrywing van "aanwending"; paragraaf (b) vervang paragraaf (c) van die omskrywing van "artistieke werk"; paragraaf (c) vervang die omskrywing van "klankopname"; paragraaf (d) vervang die omskrywing van "kopie"; paragraaf (e) vervang die omskrywing van "letterkundige werk"; paragraaf (f) skrap die omskrywings van "lisensie" en "lisensiegewende gesag"; paragraaf (g) vervang die omskrywing van "lisensieskema"; paragraaf (h) voeg die omskrywing van "musiekwerk"

in; paragraaf (i) vervang die omskrywing van "opvoering" of "uitvoering"; paragraaf (j) vervang paragrawe (c), (e) en (f) van die omskrywing van "outeur"; paragraaf (k) voeg paragrawe (h) en (i) by die omskrywing van "outeur"; paragraaf (l) vervang die omskrywing van "plaat"; paragraaf (m) vervang die omskrywing van "program"; paragraaf (n) voeg die omskrywing van "programdraende sein" in; paragraaf (o) voeg die omskrywing van "rekenaarprogram" in; paragraaf (p) vervang die omskrywing van "rolprent"; paragraaf (q) vervang die omskrywing van "skendende kopie"; paragraaf (r) vervang die omskrywing van "uitgesende sein"; paragraaf (s) vervang die omskrywing van "uitsending" en voeg die omskrywing van "uitsaai" in; paragraaf (t) vervang die omskrywing van "verspreider"; paragraaf (u) vervang die omskrywing van "verspreiding"; paragraaf (v) voeg die omskrywing van "werk" in; en paragraaf (u) [sic] voeg subartikels (4) en (5) by.

**2** Wysig artikel 2 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1) (d); paragraaf (b) voeg subartikel (1) (i) by; paragraaf (c) vervang subartikel (2); en paragraaf (d) voeg subartikel (2A) in.

**3** Wysig artikel 3 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1); paragraaf (b) vervang subartikel (2) (b); en paragraaf (c) vervang subartikel (3) (a).

**4** Wysig artikel 4 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (f) in te voeg.

**5** Wysig artikel 5 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (4) te vervang.

**6** Wysig artikel 6 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (b) te vervang.

**7** Wysig artikel 7 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (b) te vervang.

**8** Wysig artikel 8 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1) (a); paragraaf (b) vervang subartikel (1) (g); en paragraaf (c) skrap subartikel (2).

**9** Wysig artikel 10 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (a) te vervang.

**10** Voeg artikel 11B in die Wet op Outeursreg 98 van 1978 in.

**11** Wysig artikel 12 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; paragraaf (b) vervang in subartikel (1) (c) die woorde wat op subparagraaf (ii) volg; paragraaf (c) vervang subartikel (9); paragraaf (d) vervang subartikel (10); paragraaf (e) vervang subartikel (12); en paragraaf (f) voeg subartikel (13) by.

**12** Vervang artikel 14 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**13** Wysig artikel 15 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (4) te vervang.

**14 tot en met 17** Vervang onderskeidelik artikels 16, 17, 18 en 19A van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**18** Voeg artikel 19B in die Wet op Outeursreg 98 van 1978 in.

**19** Vervang artikel 20 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**20** Wysig artikel 23 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1); paragraaf (b) skrap in subartikel (2) die woord "of" aan die einde



van paragraaf (b) en voeg die woord "of" aan die einde van paragraaf (c) by; en paragraaf (c) skrap subartikel (4).

**21** Wysig artikel 24 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1); paragraaf (b) voeg subartikels (1A), (1B) en (1C) in; en paragraaf (c) vervang subartikel (2).

**22** Wysig artikel 25 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur subartikel (2) by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word.

**23** Vervang artikel 26 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**24** Wysig artikel 27 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (6); en paragraaf (b) skrap subartikels (7) en (8).

**25** Wysig artikel 28 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; en paragraaf (b) vervang subartikel (5).

**26** Wysig artikel 29 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (3) (c) (v); en paragraaf (b) voeg subartikel (6) by.

**27 en 28** Vervang onderskeidelik artikels 30 en 36 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**29** Wysig artikel 37 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang paragraaf (a); en paragraaf (b) vervang paragraaf (e).

**30** Herroep artikel 38 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**31** Wysig artikel 41 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang subartikel (1); en paragraaf (b) vervang subartikel (3).

**32** Herroep artikel 42 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**33** Wysig artikel 43 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) vervang paragraaf (a); en paragraaf (b) vervang paragraaf (c).

**34** Vervang artikel 44 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**35 Kort titel**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 1992.

**WYSIGINGSWET OP OUTEURSREG 9 VAN 2002**

[GOEDGEKEUR OP 18 JUNIE 2002]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 25 JUNIE 2002]

*(Engelse teks deur die President geteken)*

**WET**

**Tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde 'n uitdrukking te omskryf en 'n woordomskrywing te wysig; en verder voorsiening te maak betreffende die aard van outeursreg in klankopnames; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**1** Wysig artikel 1 (1) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978, soos volg: paragraaf (a) voeg die omskrywing van "insamelingsvereniging" in; en paragraaf (b) vervang die omskrywing van "Minister".

**2** Vervang artikel 9 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978.

**3** Voeg artikel 9A in die Wet op Outeursreg 98 van 1978 in.

**4** Wysig artikel 39 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 deur paragraaf (cA) in te voeg.

**5 Kort titel**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Outeursreg, 2002.